SCRIBANTE, MARIA J.

'n ONDERSOEK NA DIE EFFEK VAN DIE VERBALE METAFOOR IN TERAPEUTIESE KOMMUNIKASIE

MA UP 1996

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**'n Ondersoek na die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie**

deur
Maria Jacoba Scribante

SLEUTELWOORDE

1. Effektiewe kommunikasie
2. Terapeutiese metafoor
3. Verbale metafoor
4. Konkrete metafoor
5. Oorsigvraelys
6. Likertskaal
7. Gepaarde t-toets
8. Nieverbale gedragstipes
9. Artistiese metafore
10. Metaforiese objekte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# 'n ONDERSOEK NA DIE EFFEK VAN DIE VERBALE METAFOOR IN TERAPEUTIESE KOMMUNIKASIE

MARIA JACOBA SCRIBANTE

PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# 'n Ondersoek na die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie

deur

Maria Jacoba Scribante

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**Magister Artium**
(KLINIESE SIELKUNDE)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Pretoria
1996

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**MY DANK AAN ...**


- My studieleier, dr. Maurice Aronstam.
- Johann Schnetler (RGN), vir sy hulp met die oorsigvraelys en Likertskaal se ontwerp.
- Wilma, Gert en Andrè, wat as beoordelaars opgetree het
- Phillip Pretorius en Jo-Ann Stanford (Vaaldriehoekkampus, PU vir CHO), vir die statistiese verwerking van die data
- My ouers en skoonouers, vir hulp en ondersteuning.
- Otto, vir die grafieke en tabelle, en die geduld en ondersteuning
- Mnr. Louw Bekker, wat verantwoordelik was vir die taalversorging.
- Louisemarié Combrinck vir die Engelse vertalings.
- Lily, vir vinnige en bekwame tikwerk.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Some conversations
seem to be very stimulating,
involving
their participants in mind
as well as
body and voice . . .

*Capella*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## INHOUDSOPGAWE


| | | | bladsy |
|---|---|---|---|
| **1.0** | **HOOFSTUK 1: INLEIDING** | | |
| 1 1 | Effektiewe kommunikasie as essensiële element in terapeutiese interaksie | | 1 |
| 1.2 | Effektiewe kommunikasie deur middel van die metafoor | | 2 |
| 1.3 | 'n Ondersoek na die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie | | 3 |
| 1.4 | Samevatting | | 4 |
| **2.0** | **HOOFSTUK 2: DIE METAFOOR** | | |
| 2.1 | Omskrywing van die terapeutiese metafoor | | 5 |
| 2.2 | Klassifikasie van terapeutiese metafore | | 6 |
| | 2.2.1 | Verbale metafore | 7 |
| | 2.2.1.1 | Metaforiese stories | 7 |
| | 2.2.1.2 | Anekdotes kort verhale en fabels | 8 |
| | 2.2.1.3 | Analogieë, vergelykings en kort metaforiese mededelings | 8 |
| | 2.2.1.4 | Liedjies | 9 |
| | 2.2.1.5 | Verhoudings | 9 |
| | 2.2.1.6 | Metaforiese beelding | 9 |
| | 2.2.2 | Konkrete metafore | 10 |
| | 2.2.2.1 | Take met 'n metaforiese betekenis | 10 |
| | 2.2.2.2 | Metaforiese objekte | 10 |
| | 2.2.2.3 | Artistiese metafore | 11 |
| 2.3 | Die metafoor en die funksies daarvan in terapeutiese kommunikasie | | 12 |
| | 2.3.1 | Bewerkstellig rapport | 13 |
| | 2.3.2 | Vergemaklik aansluiting tussen mense deur universaliteit | 13 |
| | 2.3.3 | Laat uitdrukking van emosies toe | 14 |
| | 2.3.4 | Bring perseptuele herdefiniëring en reorganisering mee | 15 |
| | 2.3.5 | Lei tot insig | 16 |
| | 2.3.6 | Skep geleenthede vir verandering | 16 |
| 2.4 | Samevatting | | 17 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| | | | |
|---|---|---|---|
| **3.0** | **HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP** | | |
| 3.1 | Doel van die ondersoek | | 19 |
| 3.2 | Motode van ondersoek | | 20 |
| | 3.2.1 | Populasie, basis vir seleksie van steekproef en steekproefneming | 20 |
| | 3.2.1.1 | Populasie | 20 |
| | 3.2.1.2 | Basis vir seleksie van steekproef | 20 |
| | 3.2.1.3 | Steekproefneming | 21 |
| | 3.2.2 | Data-insameling | 21 |
| | 3.2.2.1 | Die onderhoud | 22 |
| | 3.2.2.2 | Die oorsigvraelys | 23 |
| | 3.2.2.3 | Die Likertskaal | 28 |
| 3.3 | Samevatting | | 38 |
| **4.0** | **HOOFSTUK 4: RESULTATE EN BEVINDINGS** | | |
| 4.1 | Inleiding | | 39 |
| 4.2 | Die oorsigvraelys | | 39 |
| | 4.2.1 | Dataverwerking | 39 |
| | 4.2.2 | Bespreking van resultate | 41 |
| | 4.2.2.1 | Bewerkstellig rapport | 42 |
| | 4.2.2.2 | Vergemaklik aansluiting tussen mense deur universaliteit | 44 |
| | 4.2.2.3 | Laat uitdrukking van emosies toe | 46 |
| | 4.2.2.4 | Lei tot insig | 49 |
| | 4.2.2.5 | Bring perseptuele herdefiniëring en reorganisering mee | 51 |
| 4.3 | Die Likertskaal | | 53 |
| | 4.3.1 | Dataverwerking | 53 |
| | 4.3.2 | Bespreking van resultate | 56 |
| | 4.3.2.1 | Liggaamsoriëntasie | 57 |
| | 4.3.2.2 | Liggaamshouding | 61 |
| | 4.3.2.3 | Handbewegings | 65 |
| | 4.3.2.4 | Armposisie | 68 |
| | 4.3.2.5 | Kopknikke | 72 |
| 4.4 | Bevindings | | 76 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

5.0 **HOOFSTUK 5: SLOT**

5.1 Inleiding 81

5.2 Leemtes in die studie 81

5.3 Verdere navorsing 83

5.4 Slot 84

**BRONNELYS** 85

**BYLAE A**

**BYLAE B**


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SAMEVATTING

| | | |
|---|---|---|
| **Titel** | : | **'n Ondersoek na die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie.** |
| **Deur** | : | **Maria Jacoba Scribante** |
| **Studieleier** | : | **Dr. M. Aronstam** |
| **Departement** | : | **Sielkunde** |
| **Graad** | : | **Magister Artium (Kliniese Sielkunde)** |

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om die verbale metafoor se effek in terapeutiese kommunikasie te bepaal Twee aspekte is gevolglik ondersoek. naamlik (1) hoe die subjek(te) die verbale metafoor waargeneem/geïnterpreteer het en (2) wat die nieverbale respons op die verbale metafoor was

Uit 'n literatuurstudie oor die metafoor kon 'n klassifikasie van terapeutiese metafore daargestel word, wat die studieveld duidelik afgebaken het 'n Aantal funksies wat die metafoor binne terapeutiese kommunikasie vervul, is ook benoem en beskryf : bewerkstellig rapport, vergemaklik aansluiting deur universaliteit, laat uitdrukking van emosies toe, bring perseptuele herdefiniëring en reorganisering mee, lei tot insig en skep geleenthede vir verandering.

Die subjekte se waarneming/interpretasie van die verbale metafoor is deur middel van 'n vraelys gemeet. Die vraelys het bestaan uit vrae gebaseer op die onderskeie funksies van die metafoor in terapeutiese kommunikasie.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Likertskaal is deur 'n paneel beoordelaars gebruik om vyf nieverbale gedragstipes, voor en na die gee van die verbale metafoor te beoordeel. Liggaamsoriëntasie, liggaamshouding, handbewegings, armposisie en kopknikke is geselekteer op grond van die feit dat almal as betroubare nieverbale gedragstipes vir navorsingsdoeleindes uitgewys is. Die beoordelings van die nieverbale gedrag is aan die hand van snitte van video-opnames wat van elke onderhoud gemaak is, gedoen.

Kwantitatiewe navorsingsmetodes is gebruik om die data te verwerk, wat tot gevolg gehad het dat breëre tendense met betrekking tot die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie uitgewys is.

Die resultate ten opsigte van die vraelys en die Likertskaal het grotendeels met mekaar ooreengestem en hieruit het geblyk dat die verbale metafoor as 'n geslaagde en bruikbare intervensie in terapeutiese kommunikasie beskou kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SUMMARY

| | | |
|---|---|---|
| **Title** | : | **An investigation into the effect of the verbal metaphor in therapeutic communication** |
| **By** | : | **Maria Jacoba Scribante** |
| **Study Leader** | : | **Dr. M. Aronstam** |
| **Department** | : | **Psychology** |
| **Degree** | : | **Master of Arts (Clinical Psychology)** |

The primary objective of this investigation was to determine the effect of the verbal metaphor in therapeutic communication. Two aspects were consequently investigated, namely (1) how the subject(s) observed/interpreted the verbal metaphor and (2) what the non-verbal response was to the verbal metaphor

By means of a study of literature a classification of therapeutic metaphors could be established, which clearly delineated the field of study A number of functions fulfilled by the metaphor within therapeutic communication were also named and described. bringing about rapport, facilitating connection by means of universality, allowing for the expression of emotions, accomplishing perceptual redefining and reorganisation, leading towards insight and creating possibilities for change.

The observation/interpretation of the subjects with regard to the verbal metaphor was measured by means of a questionnaire. The questionnaire consisted of questions based on the various functions of the metaphor in therapeutic communication.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

A Likert scale was used by a panel of evaluators to evaluate five non-verbal behavioral types, before and after giving the verbal metaphor. Bodily orientation, posture, hand movements, arm positions and nods were selected based on the fact that all of these were indicated as reliable non-verbal behavioral types for research purposes. The non-verbal behavior was evaluated by means of excerpts from video recordings made of each interview.

Quantitative research methods were used to process the data, and as a consequence broader tendencies with regard to the effect of the verbal metaphor in therapeutic communication were indicated.

The results of the questionnaire and the Likert scale concurred to a large extent and from this it transpired that the verbal metaphor can be regarded as a successful and useful intervention in therapeutic communication.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 1.0 HOOFSTUK 1: INLEIDING

### 1.1 EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE AS ESSENSIëLE ELEMENT IN TERAPEUTIESE INTERAKSIE

Kommunikasie lê die proses ten grondslag wat plaasvind wanneer 'n terapeut en 'n pasiënt in interaksie tree (Kiesler, 1982). Hierdie aspek van die terapeutiese verhouding kom duidelik na vore in Rogers (1961) se beskrywing van die verskillende fases van terapie, waar kommunikasie tussen die terapeut en die pasiënt telkens voorop staan.

Terapeutiese interaksie is 'n voorbeeld van 'n kommunikasieproses waarin dit van groot belang is om 'n sekere uitkoms deur middel van die kommunikasie te bewerkstellig (Barker, 1985). Dit beteken dat daar in terapeutiese kommunikasie deurentyd gestreef word na optimale ooreenstemming tussen die bedoelde boodskap en die waarneming/interpretasie daarvan en die respons daarop.

Ooreenkomstig Tubbs en Moss (1974, p.11) se definisie van effektiewe kommunikasie, naamlik ". . . when die stimulus as it was initiated and intended by the sender, or source, corresponds closely with the stimulus as it is perceived and responded to by the receiver" kan *effektiewe kommunikasie* beskou word as *'n essensiële element in terapeutiese interaksie.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 1.2 EFFEKTIEWE KOMMUNIKASIE DEUR MIDDEL VAN DIE METAFOOR

Die terapeutiese benadering wat aanvanklik gevolg is, was dat 'n persoon wat hulp soek self bepaal wat in die sessie gebeur, terwyl die terapeut passief sit en interpreteer of reflekteer. Hierdie benadering is grootliks gevolg weens die invloed van psigo-analise, Rogeriaanse terapie en psigodinamiese terapie (Haley, 1986).

Alhoewel daar steeds kontinuïteit in die tradisionele terapeutiese benaderings is, is daar gedurende die jare vyftig ook verskeie strategiese terapeutiese benaderings ontwikkel, onder andere deur Milton Erickson, wat as 'n meester op dié gebied beskou word. 'n Belangrike klemverskuiwing in hierdie terapeutiese benaderings was dat passiewe luister en reflekteer of interpreteer vervang is deur aktiewe, beplande kommunikasie om mense te beïnvloed (Haley, 1986).

Erickson het in sy strategiese benadering grootliks gebruik gemaak van paradokse en metafore (Witztum, Dasberg & Bleich, 1986) omdat hy van mening was dat pasiënte spontaan 'n ooreenkoms sien tussen dinge wat metafories met mekaar in verband staan. Volgens hom het dit hulle in staat gestel om toepaslik te respondeer (Haley, 1986; Kirmayer, 1988).

Vanuit hierdie perspektief gesien, blyk dit dus dat die metafoor 'n wyse is waarop effektiewe kommunikasie kan geskied en waardeur daar dus ooreenstemming tussen 'n bedoelde en waargenome boodskap bewerkstellig kan word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 1.3 'n ONDERSOEK NA DIE EFFEK VAN DIE VERBALE METAFOOR IN TERAPEUTIESE KOMMUNIKASIE

Binne hierdie raamwerk, naamlik dat effektiewe kommunikasie noodsaaklik is in 'n terapeutiese situasie en dat 'n metafoor 'n wyse is waarop effektiewe kommunikasie bewerkstellig kan word, is 'n studie gedoen om die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie te bepaal.

Die terapeutiese metafoor is egter 'n wye begrip wat sowel konkrete as verbale metafore insluit. 'n Hoofstuk is daarom aan die omskrywing en klassifikasie van die terapeutiese metafoor gewy. Sodoende is die navorsingsveld - die verbale metafoor - ook duidelik omskryf en afgebaken

Die studie is binne die gevangenissituasie gedoen en onderhoude is met blanke manlike gevangenes gevoer waartydens die verbale metafoor telkens gebruik is. Die primêre doel van die onderhoude was om tydens die eerste onderhoud rapport te bewerkstellig en aan die gevangene, hierna die subjek genoem, te kommunikeer dat hy verstaan word. Sekondêr is daar gepoog om 'n positiewe houding teenoor rehabilitasie en gevangesetting te verkry.

In die lig van die feit dat daar gepoog is om deur middel van die verbale metafoor effektief te kommunikeer, met ander woorde om optimale ooreenstemming tussen die bedoelde boodskap en die waarneming/interpretasie daarvan en die respons daarop te verkry, is 'n meting gedoen om die effek van die verbale metafoor binne terapeutiese kommunikasie te bepaal.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Die meting het tweeledig geskied sodat beide aspekte waaraan* effektiewe kommunikasie gemeet word in berekening gebring kon word. Eerstens is 'n vraelys, wat gehandel het oor die waarneming/interpretasie van die verbale metafoor, na afloop van die onderhoud deur elke subjek ingevul. Tweedens het 'n span beoordelaars 'n Likertskaal ten opsigte van sekere nieverbale gedragstipes ingevul nadat hulle na 'n video-opname van elke onderhoud gekyk het. Die beoordelings was gerig op die meting van die respons van die subjek op die verbale metafoor

## 1.4 SAMEVATTING

Kommunikasie lê die proses ten grondslag wat tydens terapeutiese interaksie plaasvind. Aangesien dit belangrik is om *'n sekere uitkoms te bewerkstellig tydens die terapeutiese* interaksie moet die kommunikasie effektief wees: daar moet optimale ooreenstemming wees tussen die bedoelde boodskap en die waarneming/interpretasie daarvan en die respons daarop.

Uit die literatuur blyk dit dat die metafoor 'n wyse is waarop effektiewe kommunikasie kan geskied, want mense sien spontaan 'n ooreenkoms tussen dinge wat metafories met mekaar in verband staan en respondeer dan toepaslik daarop.

Binne hierdie raamwerk is 'n studie in die gevangenissituasie gedoen om te bepaal wat die effek van die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 2.0 HOOFSTUK 2: DIE METAFOOR

### 2.1 OMSKRYWING VAN DIE TERAPEUTIESE METAFOOR

Op die oog af lyk dit of die *verbale metafoor 'n taalkundige* eerder as 'n sielkundige aangeleentheid is (Billow, 1977) ***Collins Dictionary of the English Language*** omskryf 'n verbale *metafoor as "a figure of speech in which a word or phrase is* applied to an object or action that it does not literally denote in order to imply a resemblance" (Hanks in Barker, 1985. p 5). Dit beteken dus dat sekere terme wat aan een domein - die bron - behoort, gebruik word om 'n teiken in 'n ander domein te beskryf (Indurkhya, 1987).

Black (in Gibbs & Gerrig, 1989a) voer die taalkundige definisie van die metafoor verder deurdat hy die aanname maak dat die metafoor nie slegs gebruik word om iets figuurlik uit te druk waar daar 'n onvermoë bestaan om dit letterlik te stel nie. Volgens hom word 'n metafoor eerder as 'n sekondêre voorwerp, model of filter gebruik waardeur nuwe insig in 'n primêre saak verkry kan word. Ter aansluiting by hierdie dimensie wat Black by die metafoor se betekenis gevoeg het, is Barker (1985) van mening dat dit moontlik is om 'n metafoor op 'n bewuste vlak letterlik op te neem, maar dat die simboliese betekenis op 'n onbewuste vlak waargeneem kan word. Hierin lê die sielkundige gebruik van metaforiese kommunikasie.

Uit bogenoemde beskouing kan die terapeutiese metafoor dus as 'n beskrywende uitdrukking met 'n dubbele konnotasie gesien word. Aan die een kant is dit die simboliese uitdrukking van 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verskuilde emosiebelaaide inhoud (byvoorbeeld 'n gedagte 'n betekenis of 'n dinamiese konflik) en aan die ander kant pas dit in by 'n konfigurasie van feite Sodoende oorbrug die metafoor die gaping tussen die innerlike en uiterlike faktore en dra dit 'n sterk emosionele inhoud en impak oor (Witztum, et al. 1986)

Ten einde 'n definisie van 'n terapeutiese metafoor te gee, word daar volstaan met Bryant, Katz, Becvar en Becvar (1988, p 133) se stelling, wat 'n terapeutiese metafoor omskryf as "any verbal or concrete illustration, description, or reference, designed to bring about perceptual and/or behavioral change", aangesien dit verandering in gedrag en waarneming impliseer en die sielkundige aspek daarvan duidelik onderstreep

## 2.2 KLASSIFIKASIE VAN TERAPEUTIESE METAFORE

Bryant, et al. (1988) se definisie van 'n terapeutiese metafoor behels 'n primêre indeling, naamlik verbale en konkrete metafore. Aangesien dit vir doeleindes van hierdie studie nodig is om verbale metafore as 'n aparte kategorie te hanteer, word die verskeidenheid van terapeutiese metafore wat deur Barker (1985) en ander outeurs (Arnheim in Amundson, 1988; Degenaar, 1989; Ettin, 1986; Mark, 1988; Payne, 1985; Rule, 1983) beskryf word, so ver moontlik in een van bogenoemde kategorieë ingedeel. Sodoende word 'n klassifikasie van terapeutiese metafore daargestel en verseker dit dat die studieveld duidelik afgebaken word.

By hierdie klassifikasie moet Waggoner (1990) se beskouing egter as agtergrond vir die indeling van die terapeutiese metafore



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

in paragraaf 2 2 1 en 2 2 2 in gedagte gehou word, naamlik dat 'n verhaal, kort verhaal, vergelyking, poësie, ensovoorts nie 'n metafoor is nie, maar dat dit wel as sodanig aangewend kan word. Alle verskynsels of verbalisasies is dus nie metafore nie, maar kan beskou word as potensiële metafore (Turbayne, 1970) wat ook in 'n terapeutiese situasie gebruik kan word.

### 2.2.1 VERBALE METAFORE

Aangesien taal ter sprake is by die definisie van 'n verbale metafoor word daar volstaan met Anderson (1964, p.53) se definisie wat soos volg lui: ". . . the application of ***any word or expression*** that properly belongs to one context to express meaning in a different context because of some real or implied similarity in the referents involved."

Uit Anderson (1964) se definisie kom dit na vore dat enige tipe verbalisasie as 'n metafoor aangewend kan word, wat die veld baie wyd maak. Die omvattendheid van die verbale metafoor blyk ook uit die verskeidenheid wat in die literatuur beskryf word, en wat vervolgens bespreek word.

#### 2.2.1.1 Metaforiese stories

Hierdie tipe metafoor word slegs aanbeveel in gevalle waar die terapeut reeds goeie kennis en insig van die geval het. Om 'n omvattende storie in terapie te gebruik, verg deeglike voorbereiding en beplanning van die kant van die terapeut, en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

duidelike terapeutiese doelstellings moet in gedagte gehou word (Barker, 1985)

### 2.2.1.2 Anekdotes, kort verhale en fabels

Die kort verhaal word algemeen in terapie gebruik om 'n spesifieke punt te illustreer of uit te lig, of om beperkte terapeutiese doelstellings te bereik. Dit verg nie veel beplanning van die terapeut nie en kan in enige stadia van die terapie gebruik word (Barker, 1985; Dolan in De Shazer & Kral, 1986. Peseschkian, 1986; De la Fontaine in Turbayne, 1970)

### 2.2.1.3 Analogieë, vergelykings en kort metaforiese mededelings

Bogenoemde metafore word effektief gebruik in psigoterapie deurdat dit bruikbare alternatiewe beskikbaar stel vir direkte mededelings, wat andersins moeilik aanvaarbaar is vir die pasiënt (Barker, 1985). Sommer (1988) stel byvoorbeeld voor dat vrugte en groente effektief gebruik kan word as metafore vir veral seksuele taboes. Aanhalings uit poësie of literêre werke kan ook as terapeutiese metafore gebruik word (Katz, Paivio, Marschark & Clark, 1988; Peseschkian, 1986) en kan binne hierdie kategorie ingelees word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

#### 2.2.1.4 Liedjies

Volgens Mark (1988) word bepaalde kontroversiële aspekte van menswees in liedjies vervat 'n Persoon met probleme kan na 'n boodskap in 'n liedjie luister, wat hom/haar gemaklik laat voel en in staat stel om sy/haar vrese, wense en probleemsituasies deur middel van hierdie bekende medium te kommunikeer

#### 2.2.1.5 Verhoudings

Die uitdrukking van 'n verhouding in woorde word as 'n metafoor vir 'n ander verhouding gebruik Hierdie tipe metafoor leen hom veral tot effektiewe gebruik in familieterapie, aangesien daar baie geleenthede is om verhoudings as metafore te gebruik (Barker, 1985). Ettin (1986) en Srivastva en Barrett (1986) beskryf ook die gebruik van verhoudings as metafore in groepterapie om die dinamika tussen lede uit te lig.

#### 2.2.1.6 Metaforiese beelding

Ettin (1986) beskryf metaforiese beelding ("imagery") as 'n effektiewe terapeutiese intervensie. Die pasiënt word gevra om 'n beeld op te roep en dan enige gedagte te verbaliseer. Sodoende word spesifieke gedagtes wat met 'n sekere gebeurtenis geassosieer word, uitgelig en terapeuties hanteer (Corsini, 1986).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 2.2.2 KONKRETE METAFORE

'n Konkrete metafoor verskil van 'n verbale metafoor in dié sin dat dit tasbaar is of nie noodwendig altyd staatmaak op spraak of subverbalisasie nie (Payne, 1985) en behels die volgende -

### 2.2.2.1 Take met 'n metaforiese betekenis

Take met 'n metaforiese betekenis wat as deel van terapie beskou word, sluit alledaagse bedrywighede in, maar kan ook een of ander ritueel wees (Barker, 1985)

Voorbeelde van metaforiese take wat as 'n terapeutiese intervensie gebruik word, word deur De Shazer en Kral (1986) beskryf. 'n Pasiënt wat van slapeloosheid gekla het, is byvoorbeeld deur die terapeut aangesê om telkens sy vloer te poleer wanneer die slaap hom ontwyk het In 'n ander geval is 'n tiener met selfmoordneigings versoek om lyne in 'n sketsboek te trek elke keer dat sy die behoefte gehad het om haar polse te sny. Ander sulke take verg dat pasiënte briewe skryf, plante plant en/of snoei en voorwerpe begrawe, terwyl beelding ("sculpting") ook deur Barker (1985) as 'n metaforiese taak beskryf word.

### 2.2.2.2 Metaforiese objekte

Barker (1985) noem dat spelterapie gegrond is op die gebruik van die metaforiese objek. Die belangrikste eienskap van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

metaforiese objek is dus dat dit 'n tasbare voorwerp is (Payne 1985) Jooste (1988) het in haar navorsing oor die metaforiese objek bevind, dat dit 'n belangrike rol speel in terapeutiese kommunikasie, want deur middel van refleksie lei die voorwerp die pasiënt tot 'n herdefiniëring van sekere aspekte van die self

### 2.2.2.3 Artistiese metafore

Artistiese metafore sluit tekeninge, skilderye lego, voorwerpe van klei, ensovoorts in. Dit kan dus omskryf word as 'n vorm van kuns wat 'n gevoel, 'n ervaring of 'n persoon verteenwoordig (Barker, 1985).

Artistiese metafore is veral bruikbaar wanneer dit nodig is om 'n pasiënt se ervaring na 'n ander sensoriese modaliteit te verplaas (Barker, 1985), aangesien dit ruimte laat vir twee- en driedimensionele oordrag, teenoor taal wat slegs 'n eendimensionele opvolg van woorde is (Arnheim in Amundson, 1988). Barker beklemtoon dat hierdie tipe metafoor met sukses gebruik kan word om uiteindelik effektiewe verbale kommunikasie met 'n persoon te bewerkstellig

Die waarde van kuns lê dus verskuil in die feit dat dit die illusie van waarheid vernietig. Dit is met ander woorde geen voorstelling van die wêreld nie, maar 'n skepping van 'n eie wêreld met behulp van metafore wat die sintuie van die mens te voorskyn roep. "Dis 'n kreatiewe spel met tekens wat 'n tweede wêreld tot stand bring wat 'n verrassende perspektief open op die eerste wêreld van die *daaglikse ervaring*" (Degenaar, 1989, p.118).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 2.3 DIE METAFOOR EN DIE FUNKSIES DAARVAN IN TERAPEUTIESE KOMMUNIKASIE

Die verbale metafoor se plek in die sielkunde blyk uit die omskrywing daarvan in paragraaf 2.1, en die belangrikheid daarvan word verder beklemtoon deur die verskeidenheid van literatuur wat oor die omvangrykheid van die gebruik daarvan binne hierdie studieveld handel.

Camac en Glucksberg (1984), Clevenger en Edwards (1988), Engel (1988), Evans en Gamble (1988), Gentner (1988), Kusumi (1987), Moore (1988), Vosniadou (1989) en Westcott (1987), het studies oor die metafoor gedoen wat meestal toegespits was op die verbale en kognitiewe samestelling daarvan. 'n Studie deur Miall (1987) het die inhoud van skriftelike response op 'n metafoor ondersoek. Haley en Papp (in Suit & Paradise, 1985) het voldoende eksperimentele bewyse vir die effektiewe gebruik daarvan as verbale intervensie gegee, terwyl O'Hanlon (in De Shazer & Kral, 1986), Matthews, Davis en Stanitis (1985), Mattes en Robbins (in Robbins, 1980), Rule (1983) en Witztum, et al. (1986) metafore suksesvol in terapie gebruik het.

Die verskeidenheid van studies wat in die literatuur beskryf word, behandel 'n aantal funksies wat deur die terapeutiese metafoor binne die veld van die sielkunde vervul word. Hierdie funksies kan as essensiële aspekte van terapie gesien word en die metafoor blyk dus 'n belangrike voertuig in terapeutiese kommunikasie te wees (Anderson, 1964; Gibbs & Gerrig, 1989b). Dié funksies word vervolgens kortliks beskryf soos dit uit die literatuur na vore kom.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

### 2.3.1 BEWERKSTELLIG RAPPORT

Mattes en Robbins (*in* Robbins, 1980) *maak 'n stelling dat die* metafoor, hetsy visueel of verbaal, 'n verskeidenheid van psigiese strukture aanraak en terselfdertyd weerstand hanteer, realiteit erken en die pasiënt se behoefte aan afstand, kontak en veiligheid respekteer.

Omdat aspekte oor die persoon op 'n indirekte wyse oorgedra word (Barker, 1985), kan die pasiënt hom/haar steeds distansieer indien hy/sy nie veilig voel met die inhoud van die metafoor nie (Dolan in De Shazer & Kral, 1986; Mark, 1988; Peseschkian, 1986). Hierdie kwaliteite impliseer dat rapport deur middel van die metafoor bewerkstellig kan word (Barker).

### 2.3.2 VERGEMAKLIK AANSLUITING TUSSEN MENSE DEUR UNIVERSALITEIT

Johnson (1987) en William (in Sommer, 1988) suggereer dat daar sprake is van universele wette wanneer dit by metaforiese verplasing van een domein na 'n ander kom. Dit is in ooreenstemming met Cox en Thielgaard (1987) se stelling dat 'n metafoor 'n universele, simboliese wyse van kommunikasie is wat aansluiting tussen mense vergemaklik.

Brèal (in Ortony, Reynolds & Arter, 1978, p.922) som dit soos volg op ". . . *the metaphor remains such at the onset only*; soon the mind becomes accustomed to the image, it's very success causes it to pale, it fades into a representation of the idea



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

scarcely more coloured than the proper word    it must be admitted that for the most part metaphors teach us little save what we knew already; they demonstrate only the universal intelligence, which does not vary from one nation to another."

Winnicott (in Schlachet, 1986) sluit aan by bogenoemde begrippe van universaliteit met sy omskrywing van 'n oorgangsruimte ("transitional space"). Hierdie begrip dui op 'n derde dimensie van menslike lewe. Dit is nie binne die individu nie en kom ook nie neer op die buitewêreld van gedeelde realiteit nie. Hy noem dit 'n area van ervaring wat gedeel word en waar 'n wêreld deur middel van kuns en stories geskep word om brûe te bou in kommunikasie, waardeur aansluiting tussen mense vergemaklik word.

### 2.3.3 LAAT UITDRUKKING VAN EMOSIES TOE

Subtiele emosionele ervarings en waarnemings word soms moeilik uitgedruk, maar kan wel met behulp van die metafoor gekommunikeer word (Suit & Paradise, 1985), aangesien die metafoor oor die potensiaal beskik om komplekse fenomene soos menslike emosies deur middel van 'n nuwe beeld te simboliseer (Rule, 1983). Die krag van die metafoor om aan hierdie emosies uitdrukking te gee, lê volgens Malcolm Pines (in Cox & Thielgaard, 1987) daarin dat die diepste emosies uitgedruk word deur middel van eenvoudige woorde wat tydloos en universeel is, byvoorbeeld metafore.

Die metafoor is verder 'n kompakte weergawe van inligting, wat ook emosies by die pasiënt ontlok, uitdrukking van ervarings



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

toelaat (Witztum, et al., 1986) en die pasiënt se betrokkenheid aanwakker (Gore, 1977; Turbayne, 1970). In hul navorsing oor die gebruik van die metafoor het Fainsilber en Ortony (1987) sowel as Gore bevind dat proefpersone inderdaad verkies om hul diepste emosies deur middel van die metafoor oor te dra.

### 2.3.4 BRING PERSEPTUELE HERDEFINIëRING EN REORGANISERING MEE

Lakoff en Johnson (in Wheeler, 1987) glo dat die mens sy konsepte van die wêreld formuleer ooreenkomstig ander basiese, aanvaarbaarder konsepte. Volgens dié outeurs is metafore 'n essensiële element waardeur mense hul wêreld verstaan, en beskik metafore oor die krag om realiteite te definieer en nuwe realiteite te genereer. Bekende situasies word vanuit 'n nuwe hoek gesien en kry 'n nuwe karakter (Peseschkian, 1986). Die pasiënt se persepsie word dus verbreed (Witztum, et al., 1986).

Alhoewel Gore (1977) in sy navorsing nie onbetwisbare bewyse van die metafoor se kreatiewe funksie kon kry nie, ondersteun Camac en Glucksberg (1984) en Kelly en Keil (1987) se eksperimentele bevindinge wel die aanspraak wat daar gemaak word dat 'n metafoor kreatief is, met ander woorde dat 'n situasie nuwe betekenis kry deur middel van 'n metafoor. Waggoner (1990) beklemtoon ook hierdie kragtige funksie van die metafoor, naamlik dat dit nuwe lig op 'n situasie werp en daardeur nuwe betekenis skep. Die metafoor kan dus gebruik word om 'n persoon se kennis/persepsie van sy wêreld te verander of te reorganiseer (Olson, 1988).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

### 2.3.5 LEI TOT INSIG

'n Hoedanigheid van alle metafore is dat dit 'n situasie beliggaam en terselfdertyd met iemand se perspektief van 'n alledaagse wêreld verbind. Hierdie band spruit uit die feit dat die metafoor op so 'n passende wyse na 'n situasie verwys dat die verbinding gehandhaaf word (Payne, 1985). Hierdie hoedanigheid kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat metafore uit alle areas van die lewe geneem kan word; enige aktiwiteit, idee, gevoel, gedrag of voorwerp kan byvoorbeeld in 'n metaforiese sinspeling gebruik word (Barker, 1985; Egan, 1988; Wheeler, 1987)

Die eenvoud daarvan is dus van so 'n aard dat die gedagtes maklik in fokus kom (Rule, 1983). Dit stel die persoon dan in staat om inligting effektiewer op te roep (Waggoner, 1990; Welch, 1984) en insig kan op dié wyse bewerkstellig word, want wanneer 'n metafoor 'n pasiënt bereik, gaan dit gewoonlik gepaard met 'n "ah-ha"-ervaring. Hierdie ervaring korreleer met die ontwikkeling/vordering van die terapeutiese proses van sielkundige pyn wat deur insig verlig word (Welch). Black (in Gore, 1977) beklemtoon ook die vermoë van 'n metafoor om op hierdie wyse insig te bewerkstellig.

### 2.3.6 SKEP GELEENTHEDE VIR VERANDERING

Deur die metafoor kry 'n sekere woord of frase 'n nuwe betekenis (Bouson, 1980; Indurkhya, 1987; Black in Waggoner, 1990). Aangesien die betekenis wat 'n persoon gewoonlik aan 'n metafoor heg, meestal uit sy eie innerlike bronne geput word, pas



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die uiteindelike oplossing dan perfek in by sy unieke behoefte (Dolan in De Shazer & Kral, 1986)

Nuwe alternatiewe vir gedrag word gevolglik beskikbaar gestel deur die nuwe perspektief wat ten opsigte van 'n ou situasie verkry word en baan sodoende die weg vir moontlike verandering (Kirmayer, 1988; McMullen, 1989, Ricoeur in Waggoner. 1990, Watzlawick, Weakland & Fish in Bryant, et al . 1988) Evans (1988) sluit hierby aan deur sy bewys dat die metafoor 'n effektiewe hulpmiddel by die oplossing van probleme is.

Die feit dat die metafoor aan die pasiënt alternatiewe beskikbaar stel en sodoende geleenthede bied om voort te gaan, dui op die motiverende hoedanigheid van die metafoor (Barker, 1985; Dolan in De Shazer & Kral, 1986).

## 2.4 SAMEVATTING

Die metafoor word primêr as 'n taalkundige verskynsel beskou en behels dat 'n woord of frase aan 'n objek of aksie gekoppel word om 'n vergelyking daar te stel. By die sielkundige gebruik van die metafoor word die vergelykende eienskap egter gebruik vir 'n dieper dimensie binne terapeutiese kommunikasie, naamlik om -

* aansluiting tussen mense te vergemaklik;
* rapport te bewerkstellig;
* uitdrukking van emosies toe te laat;
* persepsies te herdefinieer en te reorganiseer;
* insig teweeg te bring; en
* geleenthede vir verandering te skep.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Aangesien die metafoor hierdie funksies binne 'n proses van terapeutiese kommunikasie vervul, kan enige uitdrukking deur middel van taal, sowel as tasbare entiteite wat nie noodwendig op spraak of subverbalisasie staatmaak nie, as terapeutiese metafore gebruik word.

'n Primêre indeling van terapeutiese metafore kan gevolglik gemaak word, te wete -

* verbale en
* konkrete metafore.

In hierdie geval word die studieveld van die verbale metafoor duidelik afgebaken.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# 3.0 HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP

## 3.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

By die Departement van Korrektiewe Dienste se Sielkundige Afdeling te Pretoria Sentraalgevangenis word 'n onderhoud met elke gevangene met 'n vonnis van twee jaar of langer binne die eerste 30 dae van sy gevangesetting gevoer Tydens hierdie onderhoud word die gevangene aanvanklik bekend gestel met die sielkundige dienste wat beskikbaar is Die onderhoud het ten doel om rapport met die gevangene te bewerkstellig en aan hom te kommunikeer dat hy verstaan word. Die belangrikheid hiervan is dat dit die gevangene se eerste kennismaking met rehabilitasie is, en wel in die persoon van die sielkundige Indien 'n goeie grondslag hier gelê word, ontwikkel die gevangene 'n positiewer houding teenoor sy rehabilitasie, sy gevangesetting en die gevangenis in die algemeen.

Omdat gevangenes 'n groep mense is wat misdaad - wat moralistiese implikasies inhou - gepleeg het en dikwels voel dat hulle nie verstaan word nie, kan die metafoor moontlik met sukses by hierdie populasie gebruik word om tydens die eerste onderhoud 'n goeie grondslag ten opsigte van rehabilitasie te lê.

Die doel van hierdie ondersoek is dus om vas te stel wat die verbale metafoor se effek in terapeutiese kommunikasie is, en om afleidings te maak met betrekking tot die bruikbaarheid daarvan binne terapeutiese kommunikasie tydens die eerste onderhoud.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 3.2 METODE VAN ONDERSOEK

### 3.2.1 POPULASIE, BASIS VIR SELEKSIE VAN STEEKPROEF EN STEEKPROEFNEMING

#### 3.2.1.1 Populasie

Soos reeds vermeld in *paragraaf* 3.1 *word alle gevangenes met 'n* vonnis van twee jaar of langer binne 30 dae na opname bekend gestel met die werksaamhede van die Sielkundige Afdeling by wyse van 'n individuele onderhoud. Die primêre doel van hierdie onderhoud is om rapport te bewerkstellig. Aangesien hierdie ondersoek *binne Pretoria Sentraalgevangenis* gedoen is, is blanke manlike gevangenes met 'n opgelegde vonnis van twee jaar of langer as proefpersone gebruik.

#### 3.2.1.2 Basis vir seleksie van steekproef

Kirmayer (1988) beskryf Erickson se metafore as unieke uitvindsels wat geskep *word vir elke individuele idiosinkrasie* of vir elke pasiënt in sy/haar spesifieke konteks. By die beskrywing is daar as basis vir die seleksie van die steekproef van die standpunt uitgegaan dat elke subjek se doelwitte, klagtes en bronne van sielkundige problematiek verskillend van aard is en dat dit deur *'n unieke metafoor gekommunikeer* kan word. Daar is dus nie gepoog om 'n homogene groep subjekte op grond van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

sekere ander eienskappe, byvoorbeeld ouderdom, misdaad of persoonlikheid, te selekteer nie

#### 3.2.1.3 Steekproefneming

Die verbale metafoor kan geskep word om elke individu se unieke omstandighede in ag te neem "... the correct usage of a metaphor which depends entirely on the unique history of the individual" (Kirmayer, 1988, p.164). Met bogenoemde stelling as uitgangspunt kon elke subjek as proefpersoon gebruik word, ongeag ouderdom, misdaad of persoonlikheid, en is die eerste vyftien subjekte met wie daar gedurende September 1991 onderhoude gevoer is as proefpersone gebruik vir hierdie studie. Elke subjek is benader as 'n individu wie se menswees deur middel van 'n unieke verbale metafoor geakkomodeer kan word.

### 3.2.2 DATA-INSAMELING

Volgens Glucksberg (1989) stel die metafoor 'n mens in staat om 'n boodskap effektiewer as letterlike uitdrukkings te kommunikeer. Hierdie veronderstelling, wat in paragraaf 1.2 gemotiveer word, kan getoets word aan die hand van die effek wat 'n verbale metafoor het. Sodoende kan daar dan bepaal word of die bedoelde boodskap wel ooreenstem met die waargenome boodskap: om in hierdie geval aan die subjek te kommunikeer dat hy verstaan word en om rapport te bewerkstellig. Aangesien daar dus 'n sekere bedoeling met elke verbale metafoor was, is Tubbs en Moss (1974) se definisie van effektiewe kommunikasie as



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

uitgangspunt gebruik om die elemente wat binne die navorsingsprojek ondersoek word te onderskei. naamlik

* Hoe die subjek die verbale metafoor waarneem/interpreteer. en
* wat die subjek se nieverbale respons daarop is

Die data-insameling het dus drieledig van aard geskied te wete

* Video-opnames waarop die subjek se hele liggaam sigbaar was, is tydens elke individuele onderhoud gemaak
* 'n Oorsigvraelys is na afloop van die onderhoud aan elke subjek gegee om in te vul ten einde 'n aanduiding te kry van sy interpretasie/waarneming van die gegewe verbale metafoor (Bylae A).
* Likertskale ten opsigte van elke subjek se nieverbale kommunikasie, voor en na die gee van die verbale metafoor. is deur 'n paneel van drie kliniese sielkundiges ingevul (Bylae B).

Die data-insameling word vervolgens onder die volgende subhoofde bespreek om die samestelling en toepassing daarvan aan die leser te verduidelik .-

### 3.2.2.1 Die onderhoud

Waxer (1978) beklemtoon voorkennis as 'n belangrike aanvaarde uitgangspunt binne navorsingskringe en subjekte is gevolglik vooraf meegedeel dat die eerste onderhoud vir navorsingsdoeleindes gevoer en op videoband vasgelê gaan word. Die navorsingstrategie is egter nie vooraf aan hulle bekend gemaak nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Elke subjek het volgens die bepalings van Die Wet op Gevangenisse, Wet 8 van 1959, artikel 44 E, skriftelik toestemming verleen dat die videoband as navorsingsmateriaal gebruik mag word

Die navorser het tydens elke onderhoud 'n kliëntgesentreerde benadering gevolg deur te luister, en deur interpretasies en refleksies 'n warm en positiewe vertrouensverhouding te bewerkstellig. Sy het haar sensitiwiteit en kreatiwiteit gebruik om tydens enige stadium van die onderhoud (Welch, 1984) 'n verbale metafoor te genereer. Elke subjek se unieke geskiedenis en individualiteit is telkens in ag geneem wanneer 'n metafoor gekommunikeer is. Dit het meegebring dat daar vir elke subjek 'n ander metafoor gebruik is. Die doel van die metafoor was egter deurgaans dieselfde, naamlik om aan die subjek te kommunikeer dat hy verstaan word en om rapport te bewerkstellig.

Aangesien die bruikbaarheid van 'n analogie, vergelyking of kort metaforiese mededeling (sien par. 2.2.1.3) hierdie tipe metafoor as die werkbaarste alternatief vir die eerste onderhoud uitgewys het, is metafore wat binne hierdie kategorie val deurgaans tydens die onderhoude gebruik.

### 3.2.2.2 Die oorsigvraelys

**Definisie**

'n Vraelys is 'n data-insamelingsinstrument wat uit 'n aantal duidelik bewoorde vrae, wat op grond van relevansie gekies is,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

bestaan (Guy, Edgley, Arafat & Allen, 1987) en bied die geleentheid aan die proefpersoon om anoniem te bly (Rosenthal & Rosnow, 1984).

**Keuse van vrae**

Vraelyste word dikwels gebruik by die meting van 'n veranderlike wat ter sprake is (Huysamen, 1980; Tear, Kam & Cannell in Rosenthal & Rosnow, 1984) en moet vir die spesifieke navorsingsvraagstuk ontwerp en aangepas word (Grimm & Wozniak, 1990).

By die ontwerp en samestelling van 'n vraelys moet twee doelstellings deurentyd nagestreef word, naamlik (a) vrae moet die data oplewer wat benodig word, en (b) dieselfde tipe inligting moet van elke proefpersoon ingewin word om die inligting as betroubaar te kan reken (Guy, et al., 1987).

Om in hierdie doelstellings wat deur Guy, et al. (1987) gestel word te slaag, stel Grimm en Wozniak (1990) die volgende riglyne vir die samestelling van vrae voor :

* Vrae moet kort en bondig wees;
* dit moet duidelik en verstaanbaar wees;
* geen vaktaal of jargon ("slang") moet gebruik word nie;
* 'n enkele aspek moet per vraag behandel word;
* daar moet 'n logiese opeenvolging wees;
* eenvoudige en minder bedreigende vrae moet komplekse vrae voorafgaan;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

* die bewoording van 'n vraag moet nie tot 'n spesifieke antwoord lei nie,
* vrae moet op die onderwerp waarop dit van toepassing is, toegespits wees;
* sensitiewe vrae moet op 'n relatief niebedreigende wyse gestel word.

Twee tipes vrae kan in 'n vraelys gebruik word, naamlik ongestruktureerde of oop vrae en gestruktureerde of geslote vrae. Ongestruktureerde vrae laat proefpersone toe om in hul eie woorde te antwoord (Guy, et al., 1987), terwyl geslote vrae so gestruktureer word dat alternatiewe response ten opsigte van 'n bepaalde onderwerp gelys word. Die proefpersoon kies dan die alternatief wat sy gedrag of voorkeur die beste weergee (Huysamen, 1980).

Die voordeel van ongestruktureerde vrae is dat proefpersone toegelaat word om spontaan uit te brei op hul gevoelens, motiewe en gedrag. Die nadeel van hierdie tipe vrae lê egter daarin dat kodeerders goed opgelei moet wees om te verseker dat antwoorde op 'n eenvormige wyse gekodeer word. Die antwoorde op hierdie vrae laat ook ruimte vir vooroordeel (Guy, et al., 1987; Rosenthal & Rosnow, 1984;).

Geslote vrae daarenteen skakel moontlike vooroordeel by die navorser uit, aangesien die proefpersoon die alternatief kies wat sy/haar gedrag of voorkeur die beste weergee. Proefpersone mag egter voel dat die gelyste alternatiewe nie hul keuse presies weergee nie en sodoende word hulle dan geforseer om 'n keuse te maak wat nie presies inpas by die werklike gevoelens, motiewe of gedrag nie (Guy, et al., 1987; Rosenthal & Rosnow, 1984). Ten einde hierdie probleem te oorbrug, kan een van die alternatiewe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

op elke vraag 'n allesinsluitende kategorie wees, byvoorbeeld "ander", "onseker" of "ek weet nie" (Guy, et al.)

**Samestelling en ontwerp van vraelys**

Vir doeleindes van hierdie studie is geslote vrae/stellings opgestel aan die hand van die riglyne wat deur Grimm en Wozniak (1990) voorgestel word. Geslote vrae/stellings is gebruik om die beantwoording en die kodering te vergemaklik en om vooroordeel uit te skakel. Deur middel van geslote vrae is daar ook verseker dat data opgelewer word wat benodig word en dat dieselfde inligting van elke subjek ingewin word (Guy, et al., 1987).

Die keuse van die vyf stellings is gebaseer op die funksies van die verbale metafoor (Hoofstuk 2, paragraaf 2.3), aangesien dit die navorser in staat sou stel om te bepaal of die verbale metafoor slaag in die doel waarvoor dit gebruik word.

Alternatiewe keuses by elke vraag is gegrond op die mate waarin die subjek hom kon assosieer met die impak van die metafoor of die funksie wat dit verrig het. Die alternatiewe op elke stelling sluit in elke geval die volgende kategorieë in: (1) stem glad nie saam nie; (2) stem nie saam nie; (3) onseker; (4) stem saam; (5) stem beslis saam (Bylae A).

'n *Uiteensetting van elke vraag teenoor die verteenwoordigende* funksie(s) van die metafoor word in tabel 3.1 weergegee. Hierdeur word die leser in staat gestel om die verband tussen die vrae en die toepaslike funksies te sien. Daar dien egter gemeld te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Tabel 3.1 Uiteensetting van die oorsigvraelys.*

| | VRAAG | FUNKSIE |
|---|---|---|
| 1. | Nadat die storie aan my vertel is, het ek meer op my gemak gevoel. | Bewerkstellig rapport. |
| 2. | Ek het gevoel dat die sielkundige my verstaan. | Vergemaklik aansluiting deur universaliteit. |
| 3. | Ek kon makliker oor myself en my probleme gesels. | Laat uitdrukking van emosies toe. |
| 4. | Ek het myself beter verstaan as voorheen en my probleme in 'n ander lig gesien. | Lei tot insig. |
| 5. | Ek het positiewer gevoel jeens sielkundige behandeling. | Bring perseptuele herdefiniëring en reorganisering mee. |

word dat die sesde funksie van die terapeutiese metafoor, soos beskryf in paragraaf 2.3.6, nie hier ingesluit is nie, aangesien daar van die standpunt uitgegaan is dat geleenthede vir verandering nie noodwendig binne die bestek van die eerste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

onderhoud geskep word nie Al die ander funksies geniet wel aandag, veral wanneer in gedagte gehou word dat die eerste onderhoud daarop gemik is om rapport te bewerkstellig en die subjek ten opsigte van sy aanhouding en rehabilitasie te oriënteer.

#### 3.2.2.3 Die Likertskaal

**Definisie**

Die doel van 'n Likertskaal is om subjekte met 'n gelyke maat te meet ten opsigte van 'n spesifieke item of gedragstipe (Ghiselli, Campbell & Zedeck, 1981) Likertskale word gebaseer op vyf gelyke metings tussen twee uiterstes byvoorbeeld "stem glad nie saam nie" as een end van die kontinuum en "stem volkome saam" as die ander end. Die toekenning van die 1-5-waardes berus op 'n prioriteitsbesluit wat bepaal word deur die kennis waaroor die beoordelaar(s), wat die skaal toepas, beskik (Ghiselli, et al.).

Soos blyk uit die beskrywing van die Likertskaal is die keuse van die items/gedragstipes by die samestelling en toepassing van sodanige skaal van groot belang. Verder speel die beoordelaar(s) wat die skaal gebruik ook 'n belangrike rol.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**Kouses van nie-verbale gedrag/kommunikasie as items of gedragstipes vir die Likertskaal**

Wanneer suggesties deur middel van 'n metafoor oorgedra word, is die respons op die metafoor dikwels in die vorm van 'n nieverbale boodskap. Selfs wanneer die respons verbale en nieverbale stimuli insluit, is die nieverbale inligting gewoonlik 'n betroubaarder aanduiding van die werklike gevoelens van 'n persoon (Barker, 1985), want hoewel mense hul nieverbale boodskappe kan beheer ten einde hul ware gevoelens te verbloem, is hulle in hierdie medium nie so geoefen as wat hulle met spraak of skrif is nie (Waxer, 1978)

Hierdie menings word ondersteun deur Freud (1933) se stelling dat nieverbale gedrag denke en intensies getrouer weergee as woorde, wat vervals en beter beheer kan word Ekman en Friesen (in Waxer, 1978, p.58) som die belangrikheid van nieverbale kommunikasie as terugvoer soos volg op: ". . . a leakage channel of communication less susceptible to either conscious deception or unconscious masking".

Nieverbale kommunikasie word dus as 'n belangrike bron gesien om menslike kommunikasie te interpreteer, aangesien mense veel van hul ware self deur hierdie kommunikasiekanaal verraai. "The body doesn't lie" (Lowen in Waxer, 1978, p.66).

**Betroubare meting van nieverbale kommunikasie/gedrag**

Baesler en Burgoon (1987) beklemtoon dat daar geen gestandaardiseerde benaderings of konsensus ten opsigte van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die eenheid van analise, interval, frekwensie van meting of steekproefneming bestaan wanneer nieverbale gedrag nagevors word nie. Volgens die outeurs word daar in huidige studies 'n wye reeks van benaderings gevolg, maar hulle stel vier beginsels voor om nieverbale kommunikasie betroubaar te meet. Dié beginsels is as uitgangspunt in hierdie ondersoek gebruik. Hulle benadruk egter dat die keuse deurentyd moet berus op die interaksionele styl, asook op die plek waar die interaksies binne 'n sessie voorkom.

Baesler en Burgoon (1987) se vier beginsels om nieverbale kommunikasie betroubaar te meet, behels die volgende

* Objektiewe of subjektiewe wyse van meting;
* mikroskopiese of molêre eenheid van analise,
* grootte van interval waarbinne metings plaasvind,
* kodering van 'n totale interaksie of steekproefneming

Aangesien hierdie studie op bogenoemde beginsels gegrond is, word afsonderlike beskrywings van elkeen van genoemde beginsels onder die vier subhoofde gegee. Dit stel die leser in staat om 'n duidelike begrip van die beginsels en die toepassing daarvan binne hierdie ondersoek te kry.

### ♦ Objektiewe of subjektiewe wyse van meting

Nieverbale kommunikasie kan gemeet word aan die werklike fisiese gedrag of aan die persepsies en interpretasies van die ontvanger van die nieverbale boodskap. Objektiwiteit behels die meting van nieverbale



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

gedrag deur middel van sekere toerusting en/of kodoorders, maar dit sluit die konteks waarbinne die gedrag voorkom uit 'n Subjektiewe benadering daarenteen behels die intensie of doel van die nieverbale kommunikasie, en gevolgtrekkings word gebaseer op kategorieë van motivering en/of funksionaliteit (Baesler & Burgoon, 1987)

Shrerer (in Baesler & Burgoon, 1987) beklemtoon die bruikbaarheid van 'n benadering wat die objektiewe en subjektiewe wyse van meting kombineer Dit behels dat 'n persoon duidelik waarneembare nieverbale gedrag kommunikeer, terwyl 'n ander persoon dit waarneem. Die waarnemer van die nieverbale boodskap maak sekere gevolgtrekkings met betrekking tot die sender se intensie of bedoeling. Hierdie gevolgtrekkings verteenwoordig sekere persepsies vanuit die waarnemer se kognitiewe struktuur, maar word nie direk gekoppel aan kategorieë van motivering of funksionaliteit nie. Die waarde van hierdie metode is dus daarin geleë dat absoluut toeskrywende beoordelings ten opsigte van persoonlikheid of temperament uitgesluit word, maar ruimte steeds gelaat word vir afleidings wat gegrond kan word op die inligting wat bekom is. De Meijer (1989, p.265), word vervolgens aangehaal om bogenoemde aan die hand van 'n voorbeeld te illustreer: "From the point of the decoder, certain movement features will convey action propensities on the part of the mover. The decoder first perceives physical movement features (moves backward, closes arms), these are translated into action propensities (for instance moving away from me; withdrawing). Next, these intermediate



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

inferences are again translated into verbal labels such as fear, or anxiety "

- **Mikroskopiese of molêre eenheid van analise**

Die eenheid van analise word as 'n belangrike aspek gereken by navorsing oor nieverbale kommunikasie Boice en Monti (1982) beklemtoon dat die eenheid van analise objektief, klinies geldig en praktykgerig moet wees, veral wanneer dit binne 'n werklik terapeutiese konteks ondersoek word.

Die nadeel van 'n mikroskopiese eenheid van analise is dat dit nie betekenisvol met werklike situasies korreleer nie en te spesifiek en te klein is om doeltreffende waarneming, sonder gesofistikeerde toerusting, in 'n praktiese situasie te verseker. Globale beoordelings daarenteen word algemeen gebruik omdat dit betroubaar en boonop eenvoudig is om te gebruik.

Globale beoordelings van 'n pasiënt se gedrag word volgens Kazdin (1980) dikwels in terapeutiese navorsing gebruik. Die beoordelings word deur die terapeut self of deur ander betrokkenes gedoen. 'n Voordeel van hierdie navorsingsmetode is dat geselekteerde individue wat spesialiste op hul gebied is die pasiënt se gedrag kan beoordeel. Die beperking ten opsigte van globale beoordelings is egter daarin geleë dat dit moeilik is om spesifieke verandering aan 'n globale meting te koppel (Baesler & Burgoon, 1987; Boice & Monti, 1982).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Midivlakbeoordelings word as 'n werkbare alternatief voorgestel omdat dit die voordele van sowel mikro- as makroskopiese beoordelings insluit 'n Midivlakbeoordeling behels byvoorbeeld dat 'n sekere responspatroon gemeet word sonder om al die fyndetail in ag te neem. Die tipe beoordeling word dus gebaseer op 'n enkele aanslag van toepaslikheid soos waargeneem binne 'n spesifieke situasie en stel die terapeut in staat om aan die einde van 'n sessie 'n aantal nieverbale gedragspatrone ten opsigte van 'n spesifieke intervensie/situasie te beoordeel (Boice & Monti 1982)

- **Tydsduur van die interval waarbinne metings plaasvind**

Wanneer nieverbale gedrag gemeet word, bestaan daar 'n verhouding tussen die tydsduur van die interval van meting en die nieverbale gedrag/kommunikasie Ten einde die tydsduur van die interval te bepaal, moet die werkbaarheid van die meting, asook die tyd wat nodig is vir die prosessering van inligting, in ag geneem word (Baesler & Burgoon, 1987).

Dit is eerstens nodig om te bepaal of 'n totale nieverbale boodskap of slegs spesifieke nieverbale tekens/gebare/ bewegings gemeet moet word. Tweedens berus die besluit aangaande die lengte van 'n interval op die keuse tussen 'n meting wat gebaseer is op (a) 'n gebeurtenis of op (b) 'n tyd basis (Baesler & Burgoon, 1987).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Mikroskopiese beoordeling wat op 'n tydbasis berus kan binne 'n baie klein interval gemeet word, byvoorbeeld een of twee sekondes, terwyl 'n makroskopiese beoordeling waar die nieverbale gedrag van belang 'n boodskap oordra moontlik binne 'n interval van etlike minute gedoen moet word. Intervalle moet dus sodanig wees dat al die nodige inligting bekom word (Baesler & Burgoon, 1987).

- **Kodering van 'n totale interaksie of steekproefneming**

In 'n navorsingsprojek oor nieverbale kommunikasie moet daar laastens bepaal word of 'n spesifieke interaksie/intervensie tydens 'n onderhoud beoordeel word en of daar gebruik gemaak gaan word van steekproewe wat op 'n ewekansige wyse deur die loop van die hele onderhoud uitgevoer word (Baesler & Burgoon, 1987).

**Samestelling en ontwerp van die Likertskaal**

Aangesien nieverbale kommunikasie/gedrag in die kommunikasieproses as belangrike terugvoer beskou word (sien paragraaf 3.2.2.3), is dit vir doeleindes van hierdie studie as items/gedragstipes vir die Likertskaal gekies.

Die studieveld van nieverbale kommunikasie is baie wyd. So skat Birdwhistell (in Tubbs & Moss, 1974) dat daar sowat 700 000 boodskappe deur nieverbale gedrag gekommunikeer kan word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar word byvoorbeeld nieverbale gedrag beskryf wat baie van die kommunikeerder verraai, maar wat binne die mikroskopiese eenheid van analise val. Dit sou gevolglik nie op 'n video-opname waarneembaar wees nie omdat dit te klein en spesifiek is om doeltreffende waarneming, sonder gesofistikeerde toerusting, in 'n praktiese situasie te verseker.

Ten einde betroubare meting van nieverbale kommunikasie/gedrag binne hierdie navorsing te verseker, is die vier beginsels van Baesler en Burgoon (1987) by die samestelling van die Likertskaal gebruik.

Om die objektiewe en subjektiewe wyse van meting te kombineer en sodoende die meting se bruikbaarheid te optimaliseer, is vyf nieverbale gedragstipes vir doeleindes van hierdie studie geselekteer, naamlik liggaamshouding, armposisie, kopbewegings, liggaamsoriëntasie en handbewegings. Al vyf is maklik waarneembare gedragstipes wat binne die kategorie van midivlakbeoordelings val (Boice & Monti, 1982) en wat deur Baesler en Burgoon (1987) as betroubare nieverbale gedragstipes vir navorsingsdoeleindes uitgewys word.

Die nieverbale bewegings het in hierdie geval as terugvoer ten opsigte van 'n gebeurtenis, die verbale metafoor, gedien. Steekproefneming is uitgesluit aangesien die verbale metafoor as intervensie binne die onderhoud gebruik is om aan die subjek te kommunikeer dat hy verstaan word. Die gedeelte van die onderhoud waar die metafoor gegenereer is, tesame met die nieverbale gedrag van die subjek, is gevolglik as 'n totale interaksie binne hierdie navorsingsprojek gekodeer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die tipe metings is gebaseer op 'n enkele aanslag van toepaslikheid soos waargeneem binne 'n spesifieke situasie 'n Likertskaal is gebruik om elk van die gedragstipes, soos waargeneem direk voor en na die intervensie, op 'n vyfpuntskaal te beoordeel. 'n Interval met 'n tydsduur van 30 sekondes is telkens in die ondersoek gebruik aangesien al die inligting wat nodig was om die nieverbale bewegings te kon beoordeel in hierdie tydsduur bekom is.

***Tabel 3.2 Uiteensetting van die Likertskaal.***

| GEDRAGS TIPE | SKAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Liggaams-oriëntasie | Leun weg | | | | Leun nader |
| Liggaams-houding | Ge-spanne | | | | Ont-spanne |
| Handbe-wegings | Mini-maal | | | | Spon-taan |
| Armposi-sie | Geslote | | | | Oop |
| Kopknikke | Geen | | | | Waar-neem-baar |

In die geval van die vyf gedragstipes wat in hierdie studie ondersoek word, is die twee teenoorgestelde funksies, soos beskryf deur Boice en Monti (1982), telkens as uiterste grense



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

van die intervalle op die kontinuum gebruik, met die positiewe effek as 5 en die negatiewe effek as 1. By liggaamsoriëntasie, liggaamshouding en armposisie het 3 "geen verandering" aangedui, terwyl by handbewegings en kopknikke 'n kumulatiewe gewig aan 3 toegeken is. Die Likertskaal (Bylae B) word in tabel 3.2 uiteengesit.

**Beoordelaars**

Drie geregistreerde kliniese sielkundiges in diens van die Departement van Korrektiewe Dienste het opgetree as beoordelaars/waarnemers van die gedragstipes soos op die videobande waargeneem. Hierdie paneel beoordelaars is gekies aangesien hulle vanweë hul gespesialiseerde kennis in staat was om (a) gevolgtrekkings te maak aangaande die sender se boodskap en (b) 'n prioriteitsbesluit te neem om 'n 1-5-waarde aan die reaksie wat deur die nieverbale gedrag gekommunikeer is, toe te ken.

Hierdie waardes, wat telkens vir nieverbale gedrag toegeken is, direk voor en na die gee van die verbale metafoor het die navorser in staat gestel om die gedragstipes met die spesifieke intervensie te verbind en afleidings aangaande die effek van die verbale metafoor te maak.

Meer as een beoordelaar is gebruik omdat subjektiwiteit by die interpretasie van gedrag altyd 'n faktor is wat geminimaliseer moet word. Verder is 'n gemiddelde telling vir elke individu, soos bepaal deur die beoordelaars, geneem aangesien 'n gemiddelde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

telling akkurater is as die toekenning van 'n telling aan 'n individu deur slegs een beoordelaar (Huysamen, 1986, Scott & Wertheimer 1962)

### 3.3 SAMEVATTING

'n Ondersoek na die effek van die verbale metafoor binne terapeutiese kommunikasie is binne Pretoria Sentraalgevangenis gedoen. In die ondersoek is Tubbs en Moss (1974) se definisie van effektiewe kommunikasie as uitgangspunt gebruik om die elemente binne die navorsingsprojek te onderskei, naamlik -

* hoe die subjek die verbale metafoor waarneem/interpreteer, en
* wat die subjek se nieverbale respons daarop is.

Om 'n aanduiding van die subjekte se interpretasie/waarneming van die verbale metafoor te kry, is 'n vraelys opgestel wat na afloop van elke onderhoud deur elkeen ingevul moes word. Die vraelys is gebaseer op die onderskeie funksies van die terapeutiese metafoor soos in Hoofstuk 2 bespreek. Elke subjek moes telkens 'n puntwaarde toeken aan die mate waarin hy hom met die stelling in die vraelys kon vereenselwig.

Ten opsigte van die tweede element, naamlik die nieverbale respons na die gee van die verbale metafoor, is 'n Likertskaal saamgestel. Vyf nieverbale gedragstipes is geselekteer as items vir die skaal wat deur 'n paneel beoordelaars ingevul moes word nadat hulle na snitte van video-opnames van die onderhoude gekyk het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 4.0 HOOFSTUK 4: RESULTATE EN BEVINDINGS

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk is die resultate wat ten opsigte van die vraelys en die Likertskaal verkry is, bespreek Die resultate wat ten opsigte van die vraelys verkry is, is onder die hoofde van die vyf funksies wat die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie vervul, bespreek. Die Likertskaal is na aanleiding van die vyf gedragstipes wat gemeet is, bespreek

Ten slotte is die bevindings van beide meetinstrumente weergegee in terme van die betekenis van die nieverbale boodskap wat oorgedra is, terwyl korrelasies en teenstrydighede wat na vore gekom het, uitgelig en bespreek is.

## 4.2 DIE OORSIGVRAELYS

### 4.2.1 DATAVERWERKING

Die vraelys bestaan uit vyf stellings wat gebaseer is op die onderskeie funksies van die metafoor. Na afloop van elke onderhoud is 'n vraelys deur die betrokke subjek met wie die onderhoud gevoer is, ingevul.

Die mate waarin elke subjek hom met die impak of funksie(s) kon vereenselwig, is deur middel van 'n puntwaarde teenoor die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

betrokke funksie in tabel 4.1 aangedui ten einde die roudata te orden

*Tabel 4.1 Roudata ten opsigte van oorsigvraelys*

| SUBJEK | RAPPORT | AANSLUITING DEUR UNIVERSALITEIT | UITDRUKKING VAN EMOSIES | INSIG | PERSEPTUELE HERDEFINIëRING EN REORGANISERING |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 4 | 5 | 3 | 4 |
| 2 | 2 | 5 | 5 | 3 | 4 |
| 3 | 4 | 4 | 3 | 4 | 5 |
| 4 | 3 | 3 | 4 | 4 | 3 |
| 5 | 4 | 4 | 3 | 5 | 4 |
| 6 | 1 | 5 | 5 | 1 | 4 |
| 7 | 3 | 5 | 4 | 4 | 3 |
| 8 | 3 | 4 | 5 | 3 | 5 |
| 9 | 3 | 3 | 3 | 4 | 4 |
| 10 | 4 | 4 | 4 | 4 | 5 |
| 11 | 4 | 5 | 4 | 3 | 4 |
| 12 | 4 | 4 | 5 | 4 | 4 |
| 13 | 3 | 5 | 5 | 3 | 4 |
| 14 | 3 | 4 | 4 | 3 | 4 |
| 15 | 4 | 5 | 3 | 4 | 4 |

Die inligting met betrekking tot elkeen van die vyf stellings in die vraelys is daarna tot persentasies verwerk en in aparte tabelle oorgedra. Daar is dus vir elke stelling 'n tabel opgestel waarin die volgende inligting vervat is: (a) frekwensie, (b) persentasie, (c) kumulatiewe frekwensie en (d) kumulatiewe persentasie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die inligting ten opsigte van elke stelling is ook deur middel van histogramme grafies voorgestel Die onderskeie funksies soos aangedui in elke stelling is as opskrifte vir die vyf histogramme gebruik Die alternatiewe keuses by elke stelling is op die x-as as K1, K2, K3, K4 en K5 aangedui terwyl die y-as die frekwensie (getal subjekte) verteenwoordig Hierdie metode, wat gegrond is op frekwensiedistribusies, is gebruik om die data te orden en visueel voor te stel (Bartz, 1979)

### 4.2.2 BESPREKING VAN RESULTATE

Weens die aard van die inligting wat versamel is is die data ten opsigte van die oorsigvraelys wat deur die subjekte ingevul is, as beskrywend van aard aangebied

Elke stelling is bespreek in terme van die mate waarin die subjek(te) hom/hulle met die stelling kon vereenselwig al dan nie

Aangesien elke stelling gebaseer is op 'n funksie van die metafoor (Hoofstuk 3, paragraaf 3.2.2.2) is afleidings telkens gemaak ten opsigte van die geslaagdheid van die metafoor in terme van die spesifieke funksie wat deur elke stelling verteenwoordig word.

Die navorser is hierdeur in staat gestel om gevolgtrekkings te maak aangaande die subjekte se waarneming/interpretasie van die gegewe verbale metafoor, en kon sodoende tydens die eerste onderhoud bepaal of die intervensie in terapeutiese kommunikasie die gewenste effek het al dan nie.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die resultate van die oorsigvraelys is vervolgens bespreek aan die hand van die data wat vir elke stelling geld

#### 4.2.2.1 Bewerkstellig rapport

Volgens grafiek 4.1 het een subjek beslis nie meer op sy gemak gevoel nie, een subjek het nie meer op sy gemak gevoel nie, ses

***Grafiek 4.1 Rapport***




K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = Stem beslis saam



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

w:.s onseker oor die effek van die metafoor en sewe het aangedui dat hulle meer op hul gemak gevoel het

'n Byna gelyke verspreiding tussen die onseker- en sekerkategorie is merkbaar Die feit dat daar twee subjekte is wat binne die negatiewe kategorie val, bring egter mee dat daar 'n effens groter oorwig van subjekte is wat hulle nie positief met die stelling kon vereenselwig nie

***Tabel 4.2 Die mate waarin die subjekte hulle met stelling 1 kon vereenselwig, uitgedruk as 'n persentasie van die totale steekproef***

| STELLING 1 | FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| K1 | 1 | 6,7 | 1 | 6.7 |
| K2 | 1 | 6,7 | 2 | 13,3 |
| K3 | 6 | 40,0 | 8 | 53.3 |
| K4 | 7 | 46,7 | 15 | 100,0 |
| K5 | 0 | 0,0 | 15 | 100,0 |

K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = Stem beslis saam

Volgens tabel 4.2 het 6,7 persent van die subjekte glad nie saamgestem met die stelling nie, 6,7 persent het nie saamgestem nie, terwyl 40,0 persent onseker was. Daarenteen het 46,7 persent van die subjekte saamgestem met die stelling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Aangesien daar nie 'n beduidende verskil is tussen die subjekte wat positief geantwoord het op die stelling (46 7%) en die subjekte wat onseker was of negatief geantwoord het nie (53 7%) kon die navorser nie met sekerheid aflei dat die verbale metafoor die meerderheid subjekte meer op hul gemak laat voel het en rapport bewerkstellig het nie

#### 4.2.2.2 Vergemaklik aansluiting tussen mense deur universaliteit

Geen subjek kon hom met keuse 1 of keuse 2 van stelling 2 vereenselwig nie, twee subjekte was onseker ten opsigte van die stelling, sewe subjekte het gevoel dat hulle verstaan word en ses het gevoel dat hulle beslis verstaan word Dertien subjekte het hulle dus positief met die stelling vereenselwig, teenoor twee subjekte wat onseker was.


Uit grafiek 4.2 blyk dit dat die response oorwegend na regs neig, wat daarop dui dat die meerderheid van die subjekte gevoel het dat die terapeut hulle beter verstaan het na die gee van die verbale metafoor.

Tabel 4.3 dui daarop dat die aantal subjekte wat positief geantwoord het op hierdie stelling besonder hoog was. 46,7 persent het naamlik saamgestem en 40,0 persent het beslis saamgestem met die stelling. Slegs 13,3 persent was onseker ten opsigte van die mate waarin hulle hul met die stelling kon vereenselwig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**Grafiek 4.2 Aansluiting deur universaliteit**




Uit hierdie gegewens blyk dat 13 subjekte of 86,7 persent van die steekproef gevoel het dat hulle verstaan word. Hierdie resultate kan dus as 'n verteenwoordigende meerderheid beskou word. Die twee subjekte wat onseker was, het slegs 13,3 persent van die steekproef verteenwoordig.

Hierdie resultate dui aan dat die metafoor beslis daarin geslaag het om aansluiting tussen die meerderheid van die subjekte en die terapeut te vergemaklik en dat die subjekte dus gevoel het dat die terapeut hulle beter verstaan het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

***Tabel 4.3 Die mate waarin die subjekte hulle met stelling 2 kon vereenselwig, uitgedruk as 'n persentasie van die totale steekproef***

| STELLING 1 | FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| K1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| K2 | 0 | 0 0 | 0 | 0.0 |
| K3 | 2 | 13 3 | 2 | 13.3 |
| K4 | 7 | 46 7 | 9 | 60 0 |
| K5 | 6 | 40.0 | 15 | 100.0 |

K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = Stem beslis saam

#### 4.2.2.3 Laat uitdrukking van emosies toe

Vyf subjekte het gevoel dat hulle makliker oor hulself en hul probleme kon gesels, ses het beslis gevoel dat hulle makliker oor hulself en hul probleme kon gesels, terwyl vier van die subjekte onseker was ten opsigte van die stelling. Geen subjek het egter nie saamgestem of glad nie saamgestem met die stelling nie.


Elf subjekte het hulle positief vereenselwig met die stelling. terwyl vier onseker was. Die response, soos grafies voorgestel in grafiek 4.3, neig dus oorwegend na regs, wat daarop dui dat die meerderheid subjekte hul positief kon vereenselwig met die stelling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Tabel 4.4 toon dat 26,7 persent van die subjekte onseker was ten opsigte van die derde stelling. Met betrekking tot punt 4 en 5, wat impliseer dat hulle wel makliker oor hulself en hul probleme kon gesels, het onderskeidelik 33,3 persent en 40,0 persent van die steekproef positief geantwoord.

Die groter groep van 11 of 73,3 persent van die subjekte wat hulle positief kon vereenselwig met die stelling, teenoor slegs






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

4 of 26,7 persent wat onseker was, dui daarop dat die gebruik *van die metafoor die meeste subjekte inderdaad in staat gestel* het om makliker oor hulself en hul probleme te gesels

Na aanleiding van hierdie resultate kan daar dus met sekerheid gesê word dat die verbale metafoor in hierdie geval uitdrukking van emosies toegelaat het.

***Tabel 4.4 Die mate waarin die subjekte hulle met stelling 3 kon vereenselwig, uitgedruk as 'n persentasie van die totale steekproef***

| STELLING 1 | FREKWENSIE | PERSENTASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| K1 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| K2 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| K3 | 4 | 26,7 | 4 | 26,7 |
| K4 | 5 | 33,3 | 9 | 60,0 |
| K5 | 6 | 40,0 | 15 | 100,0 |

K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = *Stem beslis saam*




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

#### 4.2.2.4 Lei tot insig

Uit die totaal van 15 subjekte het sewe saamgestem en een beslis saamgestem dat die verbale metafoor hulle in staat gestel het om hulself beter te verstaan en hul probleme in 'n ander lig te sien

Ses was onseker ten opsigte van hierdie stelling, terwyl slegs een subjek glad nie gevoel het dat hy homself beter verstaan het en sy probleme in 'n ander lig gesien het nie.

**Grafiek 4.4 Insig**




K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = Stem beslis saam



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Agt subjekte kon hulle dus positief vereenselwig met die stelling, terwyl sewe subjekte onseker was of glad nie saamgestem het met die stelling nie.

By ontleding van die data (tabel 4.5) blyk dit dat 6,7 persent van die steekproef beslis nie gevoel het dat insig ontwikkel het nie. Veertig persent was onseker, terwyl 46,7 persent gevoel het dat insig ontwikkel het en 6,7 persent gevoel het dat insig beslis ontwikkel het.

***Tabel 4.5 Die mate waarin die subjekte hulle met stelling 4 kon vereenselwig, uitgedruk as 'n persentasie van die totale steekproef***

| STELLING 1 | FREKWEN-SIE | PERSEN-TASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| K1 | 1 | 6,7 | 1 | 6,7 |
| K2 | 0 | 0,0 | 1 | 6,7 |
| K3 | 6 | 40,0 | 7 | 46,7 |
| K4 | 7 | 46,7 | 14 | 93,3 |
| K5 | 1 | 6,7 | 15 | 100,0 |

K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = Stem beslis saam



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die agt subjekte wat in meerdere of mindere mate seker gevoel het dat hulle insig ontwikkel het deur middel van die metafoor verteenwoordig 53,4 persent van die steekproef teenoor die 46,7 persent wat nie insig ontwikkel het nie of onseker gevoel het.

Omdat die verskil so klein is, kan daar nie met sekerheid afgelei word dat die verbale metafoor die subjekte tot insig aangaande hulself en hul probleme gelei het nie.

#### 4.2.2.5 Bring perseptuele herdefiniëring en reorganisering mee

Tien van die 15 subjekte het positiewer gevoel en drie het beslis positiewer jeens sielkundige behandeling gevoel nadat die verbale metafoor aan hulle gegee is, terwyl twee subjekte onseker was ten opsigte van die stelling.

Dertien subjekte was in meerdere of mindere mate positiewer jeens sielkundige behandeling, teenoor die twee subjekte wat onseker gevoel het en wat dus nie positiewer was nie.

Die resultate toon dus 'n neiging na regs, wat impliseer dat die meerderheid subjekte gevoel het dat hulle positiewer en/of beslis positiewer gevoel het jeens sielkundige behandeling na die gee van die verbale metafoor.


Uit die resultate uiteengesit in tabel 4 6 blyk dit dat 13 of 86,7 persent van die 15 subjekte positiewer gevoel het jeens



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

sielkundige behandeling na die gee van die verbale metafoor teenoor twee of 13,3 persent wat onseker was daaroor

**Grafiek 4.5 Perseptuele herdefiniëring en reorganisering**




Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die navorser deur middel van die intervensie daarin geslaag het om perseptuele herdefiniëring en reorganisering mee te bring ten opsigte van gevangenes se houding jeens sielkundige behandeling.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Tabel 4.6 Die mate waarin die subjekte hulle met stelling 5 kon vereenselwig, uitgedruk as 'n persentasie van die totale steekproef*

| STELLING 1 | FREKWEN-SIE | PERSEN-TASIE | KUMULATIEWE FREKWENSIE | KUMULATIEWE PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| K1 | 0 | 0,0 | 0 | 0.0 |
| K2 | 0 | 0,0 | 0 | 0.0 |
| K3 | 2 | 13,3 | 2 | 13,3 |
| K4 | 10 | 66,7 | 12 | 80,0 |
| K5 | 3 | 20,0 | 15 | 100,0 |

K1 = Stem glad nie saam nie
K2 = Stem nie saam nie
K3 = Onseker
K4 = Stem saam
K5 = Stem beslis saam

## 4.3 DIE LIKERTSKAAL

### 4.3.1 DATAVERWERKING

Na afloop van die 15 onderhoude is elke videoband dienooreenkomstig genommer. Hierdie nommer is gevolglik toegeken aan die verbale metafoor wat tydens die onderhoud aan die subjek gegee is.

Die nieverbale gedrag van die subjek voor en na die gee van die verbale metafoor is daarna onderskeidelik as A (nieverbale gedrag voor die gee van die verbale metafoor) en B (nieverbale



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

gedrag na die gee van die verbale metafoor) genommer Elke verbale metafoor het met ander woorde 'n A-gedrag en B-gedrag gehad wat die totale getal snitte wat vir die navorsing gebruik is, op 30 te staan gebring het

Die volgorde waarin die 30 snitte aan die paneel beoordelaars gewys is, is deur middel van ewekansigheid vasgestel Die beoordelaars het dus nie geweet watter snit van die nieverbale gedrag voor, en watter snit na die gee van die verbale metafoor voorgekom het nie Hierdie metode is gevolg om sistematiese vooroordeel by die beoordelaars uit te skakel (Scott & Wertheimer, 1962)

Die beoordelaars het tydens elkeen van die 30 snitte uit die videobande elk van die vyf nieverbale gedragstipes op 'n Likertskaal beoordeel en 'n gesamentlike gemiddelde punt toegeken. Die klank was nie hoorbaar nie en die beoordelings was dus slegs gegrond op die sigbare nieverbale gedrag

Nadat die Likertskale deur die paneel beoordelaars ingevul is, is elke subjek se gemiddelde telling vir elk van die vyf gedragstipes in 'n voorkategorie (A-gedrag) en 'n nakategorie (B-gedrag) verdeel en in tabelvorm weergegee (tabel 4 7).

Die verskil tussen die A-gedrag en die B-gedrag is daarna bereken en vir elke gedragstipe, naamlik liggaamsoriëntasie, liggaamshouding, handbewegings, armposisie en kopknikke, op 'n grafiek gestip.

Die vyf intervalle van die Likertskaal is telkens as die x-as op die grafiek gebruik, terwyl die y-as die subjekte wat in die ondersoek gebruik is, verteenwoordig het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

***TABEL 4.7 Roudata ten opsigte van Likertskaal***

| SUBJEK | LIGGAAMS-ORIËNTASIE | | LIGGAAMSHOUDING | | HAND-BEWEGINGS | | ARMPOSISIE | | KOPKNIKKE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A GEDRAG | B GEDRAG | A GEDRAG | B GEDRAG | A GEDRAG | B GEDRAG | A GEDRAG | B GEDRAG | A GEDRAG | B GEDRAG |
| 1 | 3 | 4 | 3 | 4 | 2 | 4 | 1 | 3 | 2 | 4 |
| 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 3 | 4 | 1 | 1 | 2 | 4 |
| 3 | 2 | 3 | 3 | 4 | 1 | 1 | 2 | 3 | 2 | 4 |
| 4 | 2 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 |
| 5 | 2 | 2 | 2 | 3 | 2 | 4 | 2 | 3 | 1 | 2 |
| 6 | 3 | 5 | 3 | 5 | 4 | 2 | 3 | 5 | 3 | 5 |
| 7 | 4 | 1 | 4 | 1 | 3 | 4 | 4 | 2 | 4 | 5 |
| 8 | 1 | 4 | 3 | 1 | 1 | 3 | 1 | 3 | 1 | 3 |
| 9 | 2 | 4 | 3 | 2 | 2 | 3 | 1 | 2 | 1 | 4 |
| 10 | 3 | 5 | 3 | 5 | 3 | 5 | 3 | 5 | 3 | 5 |
| 11 | 3 | 5 | 3 | 5 | 1 | 4 | 2 | 5 | 2 | 4 |
| 12 | 2 | 4 | 1 | 3 | 3 | 4 | 3 | 4 | 2 | 4 |
| 13 | 3 | 2 | 3 | 2 | 1 | 3 | 1 | 3 | 1 | 2 |
| 14 | 3 | 4 | 3 | 1 | 1 | 2 | 3 | 1 | 3 | 3 |
| 15 | 3 | 4 | 3 | 4 | 2 | 3 | 2 | 3 | 2 | 4 |

Om 'n duidelike visuele beeld van die rigting van die verskil tussen die A-gedrag en die B-gedrag van elke subjek te verkry, is daar in die grafieke van verskillende kleure gebruik gemaak. Groen dui positiewe verandering aan, rooi negatiewe verandering en blou geen verandering nie.

Aangesien hierdie navorsing betrekking het op die beduidendheid al dan nie van die gedrag voor en die gedrag na die gee van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verbale metafoor is die statistiese beduidendheid tussen die A-gedrag en die B-gedrag aanvullend by die grafiese data bepaal

Die statistiese prosedure om die verskil tussen twee rekenkundige gemiddeldes of twee korrelasiekoeffisiente vir statistiese beduidendheid te toets, is die t-toets (Slavin in Landman, 1988) Grimm en Wozniak (1990) stel die gepaarde t-toets voor as 'n gepaste statistiese berekening om die beduidendheid van die verskil tussen tellings van dieselfde individu in twee situasies te bepaal

Die gepaarde t-toets is daarop gemik om te bepaal of die verskil tussen die voor- en die natoets beduidend van nul verskil (Rosenthal & Rosnow, 1984) en is in hierdie navorsing gebruik om te bepaal of daar ook 'n statisties beduidende verskil tussen die voor- en die natellings van die onderskeie gedragstipes is

### 4.3.2 BESPREKING VAN RESULTATE

Die verwerkte data ten opsigte van die Likertskale is vervolgens onder die subhoofde van die vyf gedragstipes bespreek. Die inligting soos weergegee in die grafieke is beskrywend van aard hanteer, terwyl die statistiese berekeninge wat met behulp van die gepaarde t-toets gedoen is, telkens aanvullend by die grafieke bespreek is. Sodoende is daar 'n aanduiding van die statistiese beduidendheid al dan nie van die verskil tussen die A- en B-gedrag verkry.

Uit die resultate, wat 'n refleksie is van die nieverbale respons van die subjekte op die verbale metafoor, kon die navorser



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verdere afleidings maak met betrekking tot die effek van die intervensie binne terapeutiese kommunikasie

Aangesien daar beoog is om 'n sekere uitkoms deur middel van die verbale metafoor te bewerkstellig is die nieverbale gedrag wat volgens die literatuur sodanige uitkoms impliseer deurgaans as positiewe gedragsverandering beskou Nieverbale gedrag wat met die teenstelling geassosieer word is negatiewe gedragsverandering genoem

#### 4.3.2.1 Liggaamsoriëntasie

Liggaamsoriëntasie word bepaal deur die naderleun of terugleun van 'n subjek en reflekteer volgens De Meijer (1989 p 265) ". . . the subject's overall readiness to interact and to deal with his or her surroundings"

In die literatuur (Bell, 1985; Burgoon, Buller, Hale & de Turck. 1984; Burgoon & Koper, 1984, Coker & Burgoon. 1987; De Meijer, 1989; Genthner & Moughan, 1977; Harrigan, Oxman & Rosenthal, 1985; Harrigan & Rosenthal, 1983, Matsumoto & Kudoh. 1987, Norton & Pettegrew, 1979; O'Leary & Gallois, 1985; Patterson, 1982; Reece & Whitman, 1962; Trout & Rosenfeld. 1980; Vrugt, 1990) word nader/vorentoe leun algemeen geassosieer met 'n aantal boodskappe wat opsommend die volgende insluit:

* Aanduiding van 'n meer positiewe houding in interpersoonlike kontak;
* groter betrokkenheid, responsiwiteit en entoesiasme;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- 'n teken van intimiteit affiliasie toenadering tevredenheid openheid en warmte en
- verhoogde aandag en waarneming

In teenstelling met die algemeen aanvaarde beskouing oor nader/vorentoe leun, word twee verskillende standpunte gehuldig betreffende die boodskap wat oorgedra word wanneer 'n subjek wegleun

Aan die een kant word hierdie nieverbale gedragstipe binne 'n groepering van nieverbale bewegings soos asimmetrie van arms en bene en 'n ontspanne kop/nek geinterpreteer as 'n teken dat 'n subjek ontspan. Aan die ander kant word dit in isolasie geassosieer met 'n nieverbale boodskap van onttrekking/wegbeweeg, vrees en angs, losmaak, skaamte en/of verbasing (Coker & Burgoon, 1987, Harrigan, et al. 1985)

In hierdie ondersoek is liggaamsoriëntasie egter as enkele nieverbale gedragstipe beoordeel en is die afleidings vervolgens gemaak in ooreenstemming met sodanige benadering, naamlik dat dit 'n aanduiding is dat die subjek hom onttrek, wegbeweeg en losmaak, en dat hy moontlik angs ervaar.

Die data word vervolgens bespreek aan die hand van die grafiek en die resultate wat deur middel van die t-toets uit die statistiese verwerking van die data verkry is. Daar is deurgaans na nader/vorentoe leun as positiewe verandering verwys, terwyl wegleun as negatiewe verandering geïnterpreteer is.

Vier subjekte het 'n positiewe verandering van een skaalpunt gehad en vyf subjekte het 'n positiewe verandering van twee




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

skaalpunte gehad, terwyl daar by een subjek 'n positiewe verandering van drie skaalpunte waargeneem is

Van die oorblywende vyf subjekte het drie geen verandering in liggaamsoriëntasie getoon nie en een subjek het 'n negatiewe verandering van een skaalpunt en een 'n negatiewe verandering van drie skaalpunte getoon

***Grafiek 4.6 Liggaamsoriëntasie***






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Tien van die 15 subjekte het met ander woorde 'n positiewe verandering in liggaamsoriëntasie gehad nadat die verbale metafoor aan hulle gegee is. Daar is dus by 66,7 persent van die steekproef, wat 'n beduidende meerderheid van die subjekte verteenwoordig, 'n positiewe gedragsverandering bemerk, teenoor die 33,3 persent wat glad nie gereageer het nie, of negatiewe gedragsverandering geopenbaar het.

Bogenoemde word bevestig deur die statisties verwerkte inligting ten opsigte van liggaamsoriëntasie wat in tabel 4.8 weergegee word. Hieruit blyk dat die verskil tussen die waardes toegeken aan die nieverbale gedrag voor en na die gee van die verbale

***Tabel 4.8 Gepaarde-t-toetsresultate ten opsigte van verskil in liggaamsoriëntasie voor en na die gee van die verbale metafoor***

| NIEVERBALE GEDRAGSTIPE | Liggaamsoriëntasie |
|---|---|
| GEMIDDELD VAN VERSKILLE TUSSEN VOORTOETS EN NATOETS | -0,86666667 |
| STANDAARD AFWYKING VAN INDIVIDUELE VERSKILLE | 1,50554531 |
| STANDAARD AFWYKING VAN GEMIDDELDE VERSKILLE | 0,38873013 |
| t | -2,23 |
| p - waarde | 0,0427 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

metafoor statisties beduidend is ten opsigte van liggaamsoriëntasie $t(14) = -2.23$, $p < 0.05$, met die statistiesebeduidendheidspeil op 5% gestel.

Uit hierdie resultate blyk dus dat die nulhipotese ten opsigte van liggaamsoriëntasie verwerp kan word en dat daar by die meerderheid van die subjekte 'n statisties beduidende positiewe verandering in liggaamsoriëntasie was.

'n Beduidende meerderheid van die subjekte het nader geleun aan die terapeut nadat die verbale metafoor aan hulle gegee is. Deur middel van die metafoor is dus daarin geslaag om 'n positiewer interpersoonlike houding te kweek, groter betrokkenheid, responsiwiteit en entoesiasme aan te wakker, verhoogde aandag en waarneming te bewerkstellig en intimiteit, affiliasie, toenadering, tevredenheid, openheid en warmte teweeg te bring.

### 4.3.2.2 Liggaamshouding

'n Pasiënt se liggaamshouding reflekteer volgens De Meijer (1989) sekere basiese emosies en algemene interpersoonlike houdings. Liggaamshouding word gekommunikeer deur 'n kombinasie van 'n aantal nieverbale tekens (Du Nann Winter, Widell, Truitt & George-Falvy, 1989) wat 'n gespanne of ontspanne houding kan wees (Boice & Monti, 1982; Coker & Burgoon, 1987). Die nieverbale tekens sluit armposisies, beenposisies en die posisie van die subjek se hele lyf in (Harrigan, et al., 1985).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Cespanne houding word gekommunikeer deur 'n regop, rigiede terugleun van 'n pasiënt se lyf, tesame met geslote arm- en beenposisies, en dra die boodskap oor dat die subjek angs ervaar, bedreig voel, wegkruip, homself/haarself beskerm en/of wil vlug (Boice & Monti, 1982; Coker & Burgoon, 1987; De Meijer, 1989; Harrigan, et al., 1985; Jurich & Jurich, 1974). Daarenteen word 'n ontspanne houding nieverbaal gekommunikeer deur 'n lyf wat vorentoe leun, skouers wat afwaarts neig en arm- en beenposisies wat oop en ontspanne is. 'n Boodskap van oopheid, groter betrokkenheid en toenadering word hierdeur gekommunikeer (Boice & Monti; Coker & Burgoon; Harrigan, et al.).

Na aanleiding van die boodskap wat deur liggaamshouding gekommunikeer word, word 'n meer gespanne houding as negatiewe gedragsverandering geïnterpreteer, terwyl 'n ontspanne houding op positiewe gedragsverandering dui. Die resultate word vervolgens aan die hand van die grafiek en die t-toets, soos van toepassing op die resultate wat verkry is, bespreek.

By nege van die 15 subjekte is positiewe gedragsverandering aangeteken, waarvan vyf 'n positiewe verandering van een skaalpunt en vier 'n positiewe verandering van twee skaalpunte getoon het.


Ten opsigte van negatiewe gedragsveranderinge is daar by drie subjekte 'n negatiewe verandering van twee skaalpunte en by een 'n negatiewe verandering van drie skaalpunte aangeteken.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die nege subjekte by wie positiewe gedragsverandering aangeteken is, verteenwoordig 60 persent van die steekproef, teenoor die ses subjekte by wie negatiewe gedragsverandering aangeteken is, wat 40 persent van die steekproef verteenwoordig

Grafiek 4.7 Liggaamshouding






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die resultate verkry uit die gepaarde t-toets (tabel 4.9), $t(14) = -0,46, p > 0,05$ en $t(14) = -0,46, p > 0,01$, toon nie 'n statisties beduidende verskil tussen die subjekte se liggaamshoudings voor en na die gee van die verbale metafoor nie. Die verskil tussen die voor- en die natellings by liggaamshouding verskil nie beduidend op die 5%- of op die 1%-statistiesebeduidendheidspeil nie en die nulhipotese kan dus nie ten opsigte van hierdie gedragstipe verwerp word nie.

***Tabel 4.9 Gepaarde-t-toetsresultate ten opsigte van verskil in liggaamshouding voor en na die gee van die verbale metafoor***

| NIEVERBALE GEDRAGSTIPE | Liggaamshouding |
|---|---|
| GEMIDDELD VAN VERSKILLE TUSSEN VOORTOETS EN NATOETS | -0,20000000 |
| STANDAARD AFWYKING VAN INDIVIDUELE VERSKILLE | 1,69873903 |
| STANDAARD AFWYKING VAN GEMIDDELDE VERSKILLE | 0,43861253 |
| t | -0,46 |
| p - waarde | 0,6554 |

Positiewe gedragsverandering is by 60 persent van die steekproef aangeteken teenoor die 40 persent van die subjekte wat met negatiewe gedragsverandering gereageer het. Uit hierdie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

resultate blyk dus dat 'n meerderheid van die subjekte meer ontspanne was na die gee van die verbale metafoor

Die resultate word egter nie as statisties beduidend op die 5%- of op die 1%-statistiesebeduidendheidspeil uitgewys nie en daar kan dus nie ten opsigte van terugvoer wat deur middel van liggaamshouding gekommunikeer is met sekerheid gesê word dat die verbale metafoor daarin geslaag het om die subjekte meer ontspanne te laat voel nie.

### 4.3.2.3 Handbewegings

Friesen, Ekman en Wallbott (1979) beskryf drie tipes handbewegings, te wete embleme, illustreerders en *manipuleerders*. Die outeurs definieer illustreerders as handbewegings wat in die lug uitgevoer word, terwyl 'n embleem 'n simboliese uitdrukking met behulp van 'n subjek se hande is. Manipuleerders daarenteen is handbewegings soos krap, trek of vryf wat teen die subjek se liggaam of teen 'n objek uitgevoer word, byvoorbeeld wanneer 'n subjek teen sy/haar wang vryf of aan sy/haar klere trek.

Die betekenis wat algemeen aan handbewegings as nieverbale kommunikasie geheg word, word geassosieer met emosionele opwekking en uitdrukking, asook met groter betrokkenheid en toe-nadering, terwyl die frekwensie en tipe handbewegings op die mate van emosionele opwekking en uitdrukking dui (Boice & Monti, 1982; Coker & Burgoon, 1987). By implikasie beteken dit *dus dat spontane handbewegings op groter emosionele*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

betrokkenheid en openheid in kommunikasie dui, terwyl minimale handbewegings volgens die outeurs 'n aanduiding van angstigheid en onttrekking is.

Vir doeleindes van hierdie studie is handbewegings wat binne die definisie van illustreerders val as navorsingsmateriaal gebruik. In die lig van die betekenis wat aan handbewegings geheg word, word spontane handbewegings dus as positiewe gedragsverandering en minimale handbewegings as negatiewe verandering geïnterpreteer.

Die resultate word vervolgens aan die hand van grafiek 4.8 en tabel 4.10 bespreek.

Ses subjekte het 'n positiewe verandering van een skaalpunt gehad en vyf subjekte het 'n positiewe verandering van twee skaalpunte en een subjek 'n positiewe verandering van drie skaalpunte gehad. Die 12 subjekte by wie daar positiewe gedragsverandering aangeteken is, maak 80 persent van die steekproef uit.


Van die oorblywende 20 persent is daar by twee van die subjekte geen verandering aangeteken nie, terwyl daar by een subjek 'n negatiewe verandering van twee skaalpunte aangeteken is.

'n Beduidende meerderheid van die subjekte het dus met positiewe gedragsverandering gereageer na die gee van die verbale metafoor. Hierdie resultate word ondersteun deur die resultate verkry uit die statistiese berekeninge deur middel van die gepaarde t-toets (tabel 4.10).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**Grafiek 4.8 Handbewegings**




Soos aangetoon in tabel 4.10 was die verskille tussen die waardes toegeken aan die gedrag voor en na die gee van die verbale metafoor statisties beduidend ten opsigte van handbewegings, $t(14) = -3{,}70$, $p < 0{,}05$, en $t(14) = -3{,}70$ $p < 0{,}01$ en die nulhipotese kan dus met sekerheid verwerp word met die statistiesebeduidendheidspeil op 5% en op 1% gestel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

***Tabel 4.10 Gepaarde-t-toetsresultate ten opsigte van verskil in handbewegings voor en na die gee van die verbale metafoor***

| NIEVERBALE GEDRAGSTIPE | Handbewegings |
|---|---|
| GEMIDDELD VAN VERSKILLE TUSSEN VOORTOETS EN NATOETS | 1 13333333 |
| STANDAARD AFWYKING VAN INDIVIDUELE VERSKILLE | 1 18723368 |
| STANDAARD AFWYKING VAN GEMIDDELDE VERSKILLE | 0 30654242 |
| t | -3 70 |
| p - waarde | 0,0024 |

Uit bogenoemde resultate is dit duidelik dat die verbale metafoor as intervensie daarin geslaag het om 'n beduidende meerderheid van die subjekte tot emosionele opwekking en uitdrukking, wat deur middel van handbewegings gekommunikeer is, aan te spoor.

### 4.3.2.4 Armposisie

'n Pasiënt se arms het die potensiaal om direk met sy/haar omgewing in interaksie te tree en word waarskynlik die meeste gebruik om gedragsneigings wat met 'n pasiënt se emosionele



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

status en houding geassosieer word te reflekteer (De Meijer 1989, Vrugt, 1990)

Die posisie van die arms word beskryf as 'n belangrike nie-verbale kommunikasiekanaal wat volgens Mehrabian (in Harrigan, et al., 1985) 'n indeks verskaf van die mate waarin 'n pasiënt hom/haar gereed verklaar om in interaksie te tree. Hierdie indeks van gereedheid kan gemeet word aan die graad van oopheid of geslotenheid van 'n pasiënt se arms (Baesler & Burgoon, 1987, De Meijer, 1989; Harrigan & Rosenthal, 1983, Harrigan et al., 1985). Mehrabian huldig verder die standpunt dat nie net die mate van gereedheid nie, maar ook die kwaliteit van 'n verhouding tussen twee pasiënte deur middel van die oopheid of geslotenheid van 'n pasiënt se armposisies gekommunikeer word.


'n Hegte band, aanvaarding, betrokkenheid, toenadering, empatie, voorbereiding en emosionele warmte word in die literatuur met 'n oop armposisie geassosieer, terwyl 'n geslote armposisie, dit is waar die arms oormekaar voor die bors gevou word, nieverbaal kommunikeer dat die pasiënt wegkruip en hom/haar afsluit en beskerm. Die betekenis wat aan laasgenoemde nieverbale boodskappe geheg word, is dat die pasiënt vrees en angs ervaar en/of hom/haar onttrek uit die interaksie (De Meijer, 1989; Harrigan, et al., 1985; La France, 1985). Volgens Ekman en Friesen (1974), Wallbott (1985) en Waxer (1974; 1977), kan 'n geslote armposisie ook op 'n depressiewe gemoedstoestand dui.

Ooreenkomstig die boodskap wat deur 'n oop armposisie gekommunikeer word, word hierdie gedragstipe as positiewe verandering geïnterpreteer, terwyl 'n geslote armposisie as negatiewe verandering geïnterpreteer word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Volgens grafiek 4.9 het 11 van die 15 subjekte met positiewe gedragsverandering na die gee van die verbale metafoor gereageer.




Vyf subjekte elk het positiewe gedragsverandering van onderskeidelik een en twee skaalpunte getoon en een subjek 'n positiewe verandering van drie skaalpunte.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Van die oorblywende vier subjekte is daar by twee geen verandering in hul armposisies waargeneem nie, terwyl twee van die subjekte meer geslote armposisies ingeneem het By beide subjekte by wie negatiewe verandering waargeneem is, is daar twee skaalpunte elk aangeteken

By 73,3 persent van die subjekte het daar positiewe gedragsverandering voorgekom teenoor slegs 26,7 persent wat glad nie gereageer het nie, of by wie negatiewe gedragsverandering aangeteken is. Hierdie beduidende meerderheid van 73,3 persent teenoor 26 7 persent word statisties bevestig deur die resultate ten opsigte van die gedragstipe "armposisie" (tabel 4.11)

***Tabel 4.11 Gepaarde-t-toetsresultate ten opsigte van verskil in armposisie voor en na die gee van die verbale metafoor***

| NIEVERBALE GEDRAGSTIPE | Armposisie |
|---|---|
| GEMIDDELD VAN VERSKILLE TUSSEN VOORTOETS EN NATOETS | -0,93333333 |
| STANDAARD AFWYKING VAN INDIVIDUELE VERSKILLE | 1 43759058 |
| STANDAARD AFWYKING VAN GEMIDDELDE VERSKILLE | 0,37118429 |
| t | -2,51 |
| p - waarde | 0,0248 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Soos aangetoon in tabel 4.11 was die verskille tussen die waardes wat toegeken is aan die nieverbale gedrag voor en na die gee van die verbale metafoor statisties beduidend ten opsigte van armposisie, $t(14) = -2{,}51$, $p < 0{,}05$, met die statistiesebeduidendheidspeil op 5% gestel. Die nulhipotese ten opsigte van hierdie gedragstipe kan dus met 'n sekerheid van 95 persent verwerp word.

Uit die nieverbale boodskap wat deur die subjekte se armposisies oorgedra is, blyk dus dat die verbale metafoor daarin geslaag het om 'n positiewe band tussen die terapeut en die meerderheid van die subjekte te bewerkstellig. Binne die terapeutiese interaksie word daar dus van die kant van die subjek aanvaarding, emosionele warmte, toenadering en 'n bereidwilligheid om in interaksie met die terapeut te tree, gekommunikeer.

#### 4.3.2.5 Kopknikke

Volgens Harrigan, et al. (1985) is 'n kopknik die op en af beweeg van 'n pasiënt se kop sonder dat die rigting waarin hy/sy kyk, verander, en word 'n kopknik algemeen beskou as die natuurlike nieverbale ekwivalent van "ja" (Hadar, Steiner & Rose, 1985).

Die primêre betekenis wat dus aan kopknikke geheg word, is instemming op en positiewe versterking van 'n verbale boodskap (Coker & Burgoon, 1987), maar dit kan volgens Hadar, et al., (1985) ook binne 'n bepaalde konteks beteken dat 'n pasiënt ongeduldig is of poog om 'n spreekbeurt te kry.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Volgens die outeurs is dit eerstens belangrik om op te let waar die kopknikke binne die stroom van 'n gesprek voorkom, ten einde betekenis aan die boodskap te kan heg. Sekere tipes bewegings soos die tempo, intensiteit en konfigurasie van die kopknikke is ook belangrik by die interpretasie van die boodskap. Vinnige, skerp kopknikke tydens 'n ander persoon se verbale boodskap kan byvoorbeeld op ongeduldigheid dui, terwyl kopknikke direk na 'n verbale boodskap bevestiging van of instemming met die inhoud is.

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is kopknikke wat na 'n boodskap voorgekom het as navorsingsmateriaal gebruik. Die toename in die frekwensie van kopknikke is met positiewe gedragsverandering geassosieer, aangesien die voorkoms van kopknikke volgens die literatuur (Bell, 1985; Burgoon & Aho, 1982; Burgoon & Koper, 1984; Coker & Burgoon, 1987; Greene, O'Hair, Cody & Yen, 1985; Hadar, et al., 1985; Harrigan, et al., 1985; Monti, Kolko, Fingeret & Zwick, 1984; O'Hair, Cody & McLaughlin, 1981; O'Leary & Gallois, 1985), op rapport, emosionele uitdrukking, betrokkenheid by, positiwiteit teenoor en belangstelling in die gesprek dui.


Volgens Riggio, Tucker en Widaman (1987) is die voorkoms van kopknikke ook 'n aanduiding dat die pasiënt die verbale boodskap geloofwaardig vind, terwyl min of geen kopknikke daarop dui dat die pasiënt hom/haar nie met die verbale boodskap kan vereenselwig nie, of probleme ondervind om hom/haar emosioneel uit te druk en onbetrokke is. 'n Afname in die frekwensie en/of die afwesigheid van kopknikke is gevolglik in hierdie ondersoek as negatiewe gedragsverandering geïnterpreteer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Voortion van dio 15 subjokto hot positiewe gedragsverandering geopenbaar deurdat 'n toename in die frekwensie van kopknikke by hulle waargeneem is na die gee van die verbale metafoor By die oorblywende subjek is geen toename in frekwensie van kopknikke aangeteken nie.

***Grafiek 4.10 Kopknikke***






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

By drie van die 14 subjekte by wie positiewe verandering aangeteken is, is 'n frekwensietoename van een skaalpunt aangeteken, by 10 is 'n frekwensietoename van twee skaalpunte en by een 'n frekwensietoename van drie skaalpunte aangeteken.

Hierdie 14 subjekte by wie positiewe gedragsverandering voorgekom het, verteenwoordig 93,3 persent van die totale steekproef teenoor die een subjek, 6.7 persent, by wie geen gedragsverandering aangeteken is nie. Dit blyk dus dat 'n beduidende meerderheid van die subjekte na die gee van die verbale metafoor met 'n toename in frekwensie van kopknikke gereageer het.

***Tabel 4.12 Gepaarde-t-toetsresultate ten opsigte van verskil in kopknikke voor en na die gee van die verbale metafoor***

| NIEVERBALE GEDRAGSTIPE | Kopknikke |
|---|---|
| GEMIDDELD VAN VERSKILLE TUSSEN VOORTOETS EN NATOETS | -1,73333333 |
| STANDAARD AFWYKING VAN INDIVIDUELE VERSKILLE | 0,70373155 |
| STANDAARD AFWYKING VAN GEMIDDELDE VERSKILLE | 0,18170271 |
| t | -9,54 |
| p - waarde | 0,0001 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Die resultate (tabel 4 12) verkry uit die t-toets t (14) = - 9,54,* p < 0,05 en t (14) = - 9,54, p < 0,01, dui op 'n beduidende verskil op die 5%- asook op die 1%-statistiesebeduidendheidspeil tussen die frekwensie van die kopknikke voor en na die gee van die verbale metafoor.

Deur 'n toename in hul kopknikke na die gee van die verbale metafoor het die subjekte dus gekommunikeer dat die terapeut daarin geslaag het om deur middel van die verbale metafoor rapport te bewerkstellig en belangstelling en betrokkenheid aan te wakker. Die subjekte het hulle klaarblyklik ook positief met die verbale metafoor geïdentifiseer omdat hulle dit geloofwaardig gevind het en was in staat om emosioneel daarop te reageer

## 4.4 BEVINDINGS

Die resultate van die vraelyste dui daarop dat die navorser deur middel van die verbale metafoor aan 'n beduidende meerderheid van die subjekte gekommunikeer het dat sy hulle verstaan. 'n Beduidende meerderheid het ook gevoel dat hulle na die metafoor makliker oor hulself en hul probleme kon gesels en 'n besliste meerderheid het positiewer gevoel jeens sielkundige behandeling. Daarenteen is beduidende resultate nie ten opsigte van stelling 1 en 4 verkry nie en daar kan dus nie met sekerheid gesê word dat die navorser daarin geslaag het om die subjekte meer op hul gemak te laat voel of insig te bewerkstellig nie.

Betreffende die subjekte se nieverbale response op die verbale metafoor, wat deur middel van die Likertskaal gemeet is, is statisties beduidende resultate ten opsigte van die verskil tussen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die nieverbale gedrag voor en na die gee van die verbale metafoor verkry met betrekking tot liggaamsoriëntasie, handbewegings, armposisie en kopknikke

Aangesien die meerderheid van die subjekte nader aan die terapeut geleun het en oop armposisies ingeneem het, kan die afleiding gemaak word dat die meerderheid van die subjekte ook meer ontspanne was na die gee van die verbale metafoor. Hierdie afleiding word gesteun deur die feit dat beide bogenoemde gedragstipes elemente is waaraan liggaamshouding gemeet word (Harrigan, et al., 1985). Die resultate ten opsigte van liggaamshouding bevestig egter nie hierdie hipotese nie, want die beoordelaars kon nie 'n beduidende verskil tussen die subjekte se liggaamshouding voor en na die gee van die verbale metafoor waarneem nie.

By ontleding van elke subjek se data ten opsigte van liggaamshouding, liggaamsoriëntasie en armposisie blyk dit dat die teenstrydige resultate spruit uit die feit dat 'n gespanne houding by die meeste subjekte aangeteken is wanneer daar by slegs een van die twee gedragstipes - liggaamsoriëntasie of armposisie - negatiewe gedragsverandering waargeneem is.

Hierdie swak prestasie van liggaamshouding as 'n kriterium vir 'n ontspanne of gespanne houding stem ooreen met die bevindings van Harper, Weins en Matarasso (in Boice en Monti, 1982) en Coker en Burgoon (1987). Die waarskynlike rede vir bogenoemde blyk uit die volgende aanhaling uit De Meijer (1989, p.248): "However it can be argued that the agreement among observers, *as well as the degree of specificity of their attributions*, will vary with the ***combinations of relevant features*** that can be detected in a movement. For instance, moving backward might be



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

indicative of fear, shame, and surprise If just that feature were clearly visible, a rather general attribution could be made for instance retreat However, suppose the target not only moves backward, but at the same time slowly drops his head, while he folds his arms around his body This combination of features can be expected to contribute to the attribution of a more specific content, for instance shame, whereas the probability that fear or surprise are attributed diminishes " Die feit dat liggaamshouding ook gereflekteer word deur die voorkoms van een of meer nieverbale tekens wat op 'n gespanne of ontspanne houding dui, het konsekwente beoordeling in hierdie ondersoek bemoeilik

By verdere ontleding van die data ten opsigte van elke subjek blyk dit egter dat dieselfde subjekte wat aangedui het dat hulle nie meer op hul gemak gevoel het nie of onseker was, in die meeste gevalle geen verandering in liggaamsorientasie of armposisie geopenbaar het nie of 'n meer geslote armposisie ingeneem het en/of weggeleun het Hierdie subjekte is ook oorwegend as meer gespanne deur die paneel beoordelaars waargeneem.

Die aantal subjekte wat nie meer op hul gemak gevoel het nie of wat onseker was (53,3%), stem dus ooreen met die resultate wat behaal is ten opsigte van die gedragstipe "liggaamshouding", naamlik dat subjekte nie noodwendig meer ontspanne was na die gee van die verbale metafoor nie.

'n Verdere teenstrydigheid in die resultate is dat daar 'n beduidende positiewe gedragsverandering in die subjekte se liggaamsoriëntasie was voor en na die gee van die verbale metafoor, asook 'n toename in die frekwensie van die kopknikke, wat volgens Harrigan, et al. (1985) en Trout en Rosenfeld (1980)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n hoë mate van rapport aandui, terwyl rapport soos dit deur middel van stelling 1 in die vraelys gemeet is, nie beduidende resultate opgelewer het nie. Aangesien die resultate ten opsigte van stelling 1 wel ooreenstem met die bevindings ten opsigte van liggaamshouding, blyk dit dat die woord ***gemak,*** wat in die stelling gebruik is, eerder aangedui het dat die subjek gespanne/ontspanne gevoel het. Die stelling was dus klaarblyklik nie 'n aanduiding van rapport soos in paragraaf 2.3.1 beskryf nie, en dit word vir doeleindes van die studie geïnterpreteer as die subjekte se ervaring van spanning/ontspanning. Die boodskappe wat oor die algemeen deur die subjekte se nieverbale gedrag gekommunikeer is, dui egter daarop dat rapport wel bewerkstellig is en daar word dus aanvaar dat die verbale metafoor daarin geslaag het om rapport te bewerkstellig.

Beduidende resultate is ook nie ten opsigte van stelling 4 van die vraelys verkry nie. Volgens McMullen (1989) kan die rede hiervoor eerstens wees dat die verbale metafore in hierdie ondersoek deur die terapeut gegenereer is. Volgens dié outeur se navorsing word beter resultate bereik wanneer die pasiënt self metafore genereer. McMullen het verder bevind dat insig makliker verkry word wanneer metafore oor 'n lang termyn gebruik word. 'n Enkele sessie word dus nie as die ideaal beskou om 'n pasiënt tot insig te lei nie. Aangesien hierdie ondersoek uitgevoer is tydens die eerste onderhoud, waartydens die terapeut die metafoor gegenereer het, is die onbeduidende resultate ten opsigte van hierdie funksie van die metafoor verklaarbaar.

Uit bogenoemde resultate kan die afleiding gemaak word dat die verbale metafoor daarin geslaag het om 'n positiewer houding by die subjekte te ontlok, groter betrokkenheid, responsiwiteit en entoesiasme aan te wakker en verhoogde aandag, belangstelling



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

en waarneming teweeg te bring Die verbale metafoor het ook 'n beduidende meerderheid van die subjekte tot emosionele opwekking en uitdrukking aangespoor Dit het verder geblyk dat rapport ook bewerkstellig is, aangesien die subjekte nieverbaal gekommunikeer het dat daar van hulle kant aanvaarding en emosionele warmte was en dat hulle bereid was om in interaksie te tree.

Die resultate ten opsigte van die su'jekte se waarneming van die *verbale metafoor en hul nieverbale response* daarop stem dus grotendeels ooreen. Die feit dat die meerderheid van die subjekte nader geleun het aan die terapeut en oop armposisies ingeneem het, tesame met 'n toename in die frekwensie van die handbewegings en kopknikke na die gee van die verbale metafoor, bevestig emosionele betrokkenheid en uitdrukking en perseptuele herdefiniëring en reorganisering, wat in 'n positiewe houdingsverandering teenoor sielkundige behandeling gereflekteer word, en dui ook aan dat aansluiting en rapport bewerkstellig is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 5.0 HOOFSTUK 5: SLOT

### 5.1 INLEIDING

In die slothoofstuk word leemtes in die ontwerp en uitvoerbaarheid van die studie bespreek en voorstelle vir verdere navorsing gedoen. Ter afsluiting word die belangrikste bevindings van die studie uitgelig.

### 5.2 LEEMTES IN DIE STUDIE

Volgens Ruesch en Bateson (1968) verwys kommunikasie na die verbale eksplisiete en intensionele oordrag van boodskappe, asook na alle prosesse waardeur mense mekaar beïnvloed. Kommunikasie, verbaal en nieverbaal, kan egter slegs as boodskappe beskou word en dra nie betekenis oor nie (Pistorius, 1981). Die modaliteite in wedersydse wisselwerking kwalifiseer mekaar wel sodanig dat inligting aangaande die "wat" en "hoe" van boodskappe gekommunikeer word en betekenis in die proses verkry word (Myers & Myers, 1988). Kommunikasie word met ander woorde gekwalifiseer deur die konteks waarin dit plaasvind, en deur verbale boodskappe, vokale en linguistiese patrone en liggaamsbewegings (Haley, 1963).

Daar word aanvaar dat nieverbale kommunikasie gewoonlik 'n betroubaarder aanduiding van die werklike gevoelens van 'n persoon is (Barker, 1985), aangesien mense nie hierdie medium van kommunikasie so maklik bewustelik kan beheer nie (Vrugt, 1990; Waxer 1978). 'n Belangrike aspek wat egter in gedagte gehou moet word wanneer nieverbale gedrag bestudeer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

word, is dat 'n enkele gedragstipe waardevolle inligting gee, maar dat dit in kombinasie met ander nieverbale tekens 'n ander betekenis kan hê

Nieteenstaande die hoë waarde wat aan nieverbale gedrag as betroubare terugvoer geheg word, kwalifiseer verbale en nieverbale response mekaar ook op verskeie maniere en kan dus nie totaal in afsondering beskou word nie (Tubbs & Moss, 1974) In hierdie studie is nieverbale gedrag as terugvoer ondersoek, maar verskeie leidrade wat met die verbale respons op die gegewe verbale metafoor verband hou, is nie in hierdie studie nagevors nie.

Die verbale respons op die metafoor kon byvoorbeeld lig gewerp het op die betekenis wat elke individu aan die gegewe verbale metafoor geheg het veral gesien teen die agtergrond van Barker (1985) se uitgangspunt dat metafore gelykgestel kan word aan projektiewe toetse Volgens dié outeur verbind die verbale metafoor taal met visuele beelde of simbole Die pasient kom dan in kontak met dit wat verwyder is in terme van tyd en ruimte (Turbayne, 1970), want 'n verbinding word tussen die woorde en persoonlike interpretasies gemaak en betekenis word aan die boodskap geheg (Pistorius, 1981). Katz, et al. (1988) sluit hierby aan met sy standpunt dat individuele verskille 'n rol speel in 'n pasiënt se interpretasie van en reaksie op 'n metafoor. 'n Metafoor bied aan 'n pasiënt die geleentheid om verskeie moontlike betekenisse wat in 'n metafoor opgesluit lê, op 'n onbewuste wyse op sy eie ideosinkrasie van toepassing te maak. Vanuit hierdie perspektief gesien, het die kwantitatiewe navorsingsmetode wat gevolg is slegs breëre tendense aangedui met betrekking tot die effek wat die verbale metafoor in terapeutiese kommunikasie gehad het, terwyl die persoonlike betekenis, belewenis en ervaring van elke subjek nie nagevors is nie.

Vrugt (1990) meen dat 'n persoon se verwagtinge van 'n pasiënt kan meebring dat die pasiënt optree soos wat die betrokke persoon van hom verwag. Ten opsigte van terapie beteken dit dat 'n terapeut sekere



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verwagtinge van 'n pasiënt koester. Hierdie verwagtinge sal dan sekere optrede by die pasiënt ontlok wat in ooreenstemming met die terapeut se verwagtinge is. Alhoewel dié outeur nie uitsluitsel daaroor gee nie word die mening deur Christensen en Rosenthal (in Vrugt, 1990) gehuldig dat die geslag van die terapeut en dié van die pasiënt ook 'n rol speel. Die resultate van die studie kon dus ook beïnvloed gewees het deur die feit dat 'n vroulike terapeut met blanke manlike gevangenes onderhoude gevoer het.

## 5.3 VERDERE NAVORSING

Uit die ondersoek het geblyk dat die verbale metafoor suksesvol gebruik is in die eerste onderhoud om rapport te bewerkstellig en 'n positiewe houding jeens sielkundige behandeling aan te kweek. Insig is egter nie deur die meerderheid van die subjekte verkry nie. 'n Goeie basis vir verdere behandeling is egter gelê en navorsing oor die uitwerking van die verbale metafoor in langtermynterapieë word voorgestel.

Aangesien slegs blanke manlike gevangenes vir die steekproef gebruik is, is subjekte met 'n ander kultuur, taal en/of geslag uitgesluit. Navorsing is dus nodig om die uitwerking en bruikbaarheid van metafore oor kultuur- en taalgrense heen te ondersoek. Dit beteken dat verskillende metafore ondersoek moet word, aangesien verbale metafore nie noodwendig die aangewese intervensie vir subjekte met 'n ander taal en/of kultuur is nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 5.4 SLOT

Wat terapeutiese kommunikasie betref, het die verbale metafoor in hierdie ondersoek daarin geslaag om rapport te bewerkstellig, aansluiting te vergemaklik, uitdrukking van emosies toe te laat en perseptuele herdefiniëring en reorganisering teweeg te bring. Die verbale metafoor het die terapeut dus in staat gestel om tydens die eerste onderhoud aan die meerderheid van die subjekte te kommunikeer dat sy hulle verstaan en om 'n positiewe houding jeens sielkundige behandeling te kweek.

Gedagtig daaraan dat versigtigheid aan die dag gelê moet word om resultate wat in 'n spesifieke situasie verkry is nie te veralgemeen en van toepassing te maak op ander situasies nie, lig die bevindinge van hierdie studie die nut van die verbale metafoor as 'n geslaagde en bruikbare intervensie in terapeutiese kommunikasie uit.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**BRONNELYS**


Amundson, N.E (1988). The Use of Metaphor and Drawings in Case Conceptualization Journal of Counceling and Development, 66(8) : 391-303.

Anderson, C.C. (1964). The Psychology of the Metaphor. The Journal of Genetic Psychology, 105 : 53-73.

Baesler, E.J. en Burgoon, J.K. (1987). Measurement and Reliability of Nonverbal Behavior. Journal of Nonverbal Behavior, 11(4) : 205-233.

Barker, P.A. (1985). Using Metaphors in Psychotherapy. New York : Brunner/Mazal Publishers.

Bartz, A.E. (1979). Descriptive Statistics for Education and the Behavioral Science. Minneapolis, Minnesota : Burgess Publishing Company.

Bateson, G. (1972). Steps of an Ecology of Mind. Collected Essays in Anthropology, Psychiatry, Evolution and Epistemology. Bucks : Chandler.

Bell, R.A. (1985). Conversational Involvement and Loneliness. Communication Monographs, 52 : 218-235.

Billow, R.M. (1977). Metaphor : A Review of the Psychological Literature. Psychological Bulletin, 84(1) : 81-92.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Boice, R. & Monti, P.M. (1982). Specification of Nonverbal Behaviors for Clinical Assessment. Journal of Nonverbal Behavior, 7(2) : 79-94

Bouson, R. (1980). Metaphor and Simile. Ann Arbor (Michigan): University Microfilms International.

Bryant, L., Katz, B., Becvar, R.J. & Becvar, D.S. (1988). The Use of Therapeutic Metaphor Among Members of the AAMFT. The American Journal of Family Therapy, 16(2) : 112-120.

Burgoon, J.K. & Aho, L. (1982). Three Field Experiments on the Effects of Violations of Conversational Distance. Communication Monographs, 49 : 71-88.

Burgoon, J.K., Buller, D.B., Hale, J.L. & de Turck, M.A. (1984). Relational Messages Associated with Nonverbal Behaviors. Human Communication Research, 10 : 351-378.

Burgoon, J.K. & Koper, R.J. (1984). Nonverbal and Relational Communication Associated with Reticence. Human Communication Research, 10 : 601-626.

Camac, M.K. & Glucksberg, S. (1984). Metaphors Do Not Use Association Between Concepts, They Are Used to Create Them. Journal of Psycholinguistic Research, 13(6) : 443-455.

Clevenger, T. & Edwards, R. (1988). Semantic Distance as a Predictor of Metaphor Selection. Journal of Psycholinguistic Research, 17(3) : 211-226.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Coker, D A & Burgoon, J K (1987) The Nature of Conversational Involvement and Nonverbal Patterns Human Communication Research, 13(4) 463-494

Constanzo, M & Archer, D (1989) Interpreting the Expressive Behavior of Others . The Interpersonal Perception Task. Journal of Nonverbal Behavior, 13(4) 225-245

Corsini, R.J. (1986). Current Psychotherapies Itasca F E Peacock Publishers, Inc.

Cox, M. & Thielgaard, A. (1987) Mutative Metaphors in Psychotherapy. New York Tavistock Publications

Degenaar, J. (1989). Kuns as Metafoor van Menswees. De Kat. April : 118.

Deissler, K.G. (1988). Do We Need the Power Metaphor to Construct Our Interpersonal Reality ? Contemporary Family Therapy, 10(2) :114-127.

De Meijer, M. (1989). The Contribution of General Features of Body Movement to the Attribution of Emotions. Journal of Nonverbal Behavior, 13(4) : 247-268.

De Shazer, S. & Kral, R. (reds.)(1986). Indirect Approaches in Therapy. The family Therapy Collections. Rockville : Aspen Publishers, Inc.

Du Nann Winter, D., Widell, C., Truitt, G. & George-Falvy, J. (1989). Empirical Studies of Posture-Gesture Mergers. Journal of Nonverbal Behavior, 13(4) : 207-223.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Egan, K. (1988) Teaching as Storytelling Padstow T J Press Ltd

Ekman, P & Friesen, W V (1974) Detecting Deception from the Body or Face Journal of Personality and Social Psychology, 29 288-298.

Engel, S. (1988). Metaphors : How Are They Different for The Poet, The Child and the Everyday Adult? New Ideas in Psychology, 6(3) : 333-341.

Ettin, M.F. (1986). Within the Group's View. Clarifying Dynamics Through Metaphoric and Symbolic Imagery Small Group Behavior, 17(4) : 407-426.

Evans, G.E. (1988). Metaphors as Learning Aids in University Lectures. Journal of Experimental Education, 56(2) : 91-99.

Evans, M.A. & Gamble, D.L. (1988). Attribute Saliency and Metaphor Interpretation in School-age Children. Journal of Child Language, 15(2) : 435-449.

Fainsilber, L. & Ortony, A. (1987). Metaphorical Uses of Language in the Expression of Emotions. Metaphor and Symbolic Activity, 2(4) : 239-250.

Freud, S. (1933). Fragment of an Analysis of a Case of Hysteria. Collected Papers of International Psychoanalytic Library. (Vol. 3). London : Hogarth Press.

Friesen, W.V., Ekman, P. & Wallbott, H. (1979). Measuring Hand Movements. Journal of Nonverbal Behavior, 4(2) : 97-112.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Genthner, R & Moughan, J (1977) Introverts and Extroverts Responses to Nonverbal Attending Behavior Journal of Counceling Psychology, 24 144-146

Gentner, D (1988). Metaphor as Structure Mapping. The Relational Shift. Child Development, 59(1) . 47-59

Ghiselli, E.E., Campbell, J.P & Zedeck, S (1981). Measurement Theory for the Behavioral Sciences San Francisco W.H Freeman and Company.

Gibbs, R.W. & Gerrig, R.J. (1989a). How Context Makes Metaphor Comprehension Seem "Special". Metaphor and Symbolic Activity, 4(3) : 145-158.

Gibbs, R.W. & Gerrig, R.J. (1989b). A Special Issue . Context and Metaphor Comprehension. Metaphor and Symbolic Activity, 4(3) : 123-124.

Glucksberg, S. (1989). Metaphors in Conversation : How are They Understood ? Why are They Used ? Metaphor and Symbolic Activity, 4(3) : 125-143.

Gore, N.S. (1977). Psychological Functions of Metaphor. Michigan : Xerox University Microfilms.

Greene, J.O., O'Hair, H.D., Cody, M.J. & Yen, C. (1985). Planning and Control of Behavior During Deception. Human Communication Research, 11 : 335-364.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Grimm, J W & Wozniak, P R (1990) Basic Social Statistics and Quantative Research Methods Belmont Wadsworth Publishing Company

Guy, R.F., Edgley, C.E, Arafat, I & Allen, D.E (1987) Social Research Methods. Puzzles and Solutions. London Allyn and Bacon, Inc.

Hadar, U., Steiner, T.J. & Rose, F.C (1985) *Head Movement During* Listening Turns in Conversation Journal of Nonverbal Behavior, 9(4) : 214-228

Haley, J. (1963). Strategies of Psychotherapy. New York Grune & Stratton.

Haley, J. (1986). Uncommon Therapy. New York . W W Norton & Company.

Harrigan, J.A., Oxman, T.E. & Rosenthal, R. (1985). Rapport Expressed Through Nonverbal Behavior. Journal of Nonverbal Behavior, 9(2) : 95-110.

Harrigan, J.A. & Rosenthal, R. (1983). Physicians Head and Body Positions as Determinants of Perceived Rapport. Journal of Applied Social Psychology. 13(6) : 496-509.

Huysamen, G.K. (1980). Inferensiële Statistiek en Navorsingsontwerp. Pretoria : Academica.

Huysamen, G.K. (1986). Sielkundige Meting : 'n Inleiding. Pretoria : Academica.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Indurkhya, B (1987) *Approximate Semantic Transference A Computational Theory of Metaphors and Analogies* Cognitive Science, 11(4) 445-480

Johnson, M. (1987) The Body in the Mind Chicago The University of Chicago Press

Jooste, E.T. (1988). Die Gebruik van Metaforiese Objekte om Selfontdekking te Bevorder MA-verhandeling Universiteit van Pretoria.

Jurich, A.P. & Jurich, J.A. (1974). Correlations Among Nonverbal Expressions of Anxiety. Psychological Reports 34 : 199-204.

Katz, A.N., Paivio, A., Marschark, M. & Clark, J.M (1988). Norms for 204 Literary and 206 Non-literary Metaphors on 10 Psychological Dimensions. Metaphor and Symbolic Activity, 3(4) : 191-214

Kazdin, A.E. (1980). Research Design in Clinial Psychology. New York : Harper & Row.

Kelly, M.H. & Keil, F.C. (1987). *Metaphor Comprehension and Knowledge* of Semantic Domains. Metaphor and Symbolic Activity, 2(1) : 33-52.

Kiesler, D.J. (1982). Interpersonal Theory for Personality and Psychotherapy. In J.C Anchin & D.J. Kiesler (reds.), Handbook of Interpersonal Psychotherapy. New York : Pergamon Press.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Kirmayer, L. J (1988) Word Magic and the Rhetoric of Common Sense Erickson's Metaphors for Mind The International Journal of Clinical and Experimental Hypnosis, 36(3) 157-172

Kusumi, T (1987). Effects of Categorical Dissimilarity and Affective Similarity Between Constituent Words on Metaphor Appreciation Journal of Psycholinguistic Research, 16(6) 577-595

La France, M. (1985) Postural Mirroring and Intergroup Relations Personality and Social Psychology Bulletin 11 207-217

Landman, W.A. (1988). Navorsingsmetodologiese Grondbegrippe. Basic Concepts in Research Methodology Pretoria Serva-Uitgewers.

Mark, A. (1988). Metaphoric Lyrics as a Bridge to the Adolescent's World. Adolescence, 23(90) : 313

Matsumoto, D. & Kudoh, T (1987). Cultural Similarities and Differences in the Semantic Dimensions of Body Postures Journal of Nonverbal Behavior, 11 166-179

Matthews, W.J., Davis, J. & Stanitis, M. (1985). The Use of Therapeutic Metaphor in Family Therapy with an Encopretic Boy. Journal of Strategic and Systemic Therapies, 4 : 24-32.

McMullen, L.M. (1989). Use of Figurative Language in Successful Cases of Psychotherapy: Three Comparisons. Metaphor and Symbolic Activity, 4(4) : 203-225.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Miall, D S (1987) Metaphor and Affect The Problem of Creative Thought Metaphor and Symbolic Activity 2(2) 81-96

Middlebrook, P N (1980) Social Psychology & Modern Life New York Alfred A Knopf

Monti, P.M., Kolko, D.J., Fingeret, A L & Zwick, W R (1984) Three Levels of Measurement of Social Skill and Social Anxiety Journal of Nonverbal Behavior, 8 187-194

Moore, B. (1988) A Young Child's Use of a Physical Psychological Metaphor Metaphor and Symbolic Activity, 3(4) 223-232

Myers, G.E. & Myers, M.T (1988). The Dynamics of Human Communications A Laboratory Approach New York McGraw-Hill Book Company

Noller, P. (1985). Video Primacy - A Further Look Journal of Nonverbal Behavior, 9(1) 28-47

Norton, R.W. & Pettegrew, L.S (1979) Attentiveness as a Style of Communication. A Structural Analysis. Communication Monographs, 46. 13-26.

O'Hair, H.D., Cody, M.J. & McLaughlin, M.L. (1981). Prepared Lies, Spontaneous Lies, Machiavellianism, and Nonverbal Communication. Human Communication Research, 7 : 325-339.

O'Leary, M.J. & Gallois, C. (1985). The Last Ten Turns : Behavior and Sequencing in Friends' and Strangers' Conversational Findings. Journal of Nonverbal Behavior, 9 : 8-27.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Olson, D R (1988) Or What's a Metaphor For ? Metaphor and Symbolic Activity, 3(4) 215-222

Ortony, A., Reynolds, R E & Arter, J A (1978) Metaphor Theoretical and Empirical Research Psychological Bulletin, 85(5) 919-943

Patterson, M.L. (1982) A Sequential Functional Model of Nonverbal Exchange. Psychological Review, 89 231-249

Payne, G. (1985). Metaphoric Objects in Therapeutic Change Journal of Strategic and Systemic Therapies, 4 33-36

Perrin, S.G. (1987). Metaphorical Revelations . A Description of Metaphor as the Reciprocal Engagement of Abstract Perspectives and Concrete Phenomena in Experience Metaphor and Symbolic Activity, 2(4) 251-280

Peseschkian, N. (1986). Oriental Stories as Tools in Psychotherapy: The Merchant and the Parrot. Berlin, Heidelberg Springen-Verlag.

Pistorius, A.G. (1981). Metakommunikasie in Psigoterapie. MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Reece, M. & Whitman, N. (1962). Expressive Moments. Warmth and Verbal Reinforcement. Journal of Abnormal and Social Psychology, 64 : 234-236.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Riggio, R E , Tucker, J & Widaman K F (1987) Verbal and Nonverbal Cues as Modiators of Deception Ability Journal of Nonverbal Behavior. 11(3) 126-145

Robbins, A (red ) (1980) Expressive Therapy New York Human Sciences Press

Rogers, C.R. (1961). On Becoming a Person Boston Houghton Mifflin

Rosenthal, R. & De Paulo, B (1980) Encoders vs Decoders as Units of Analysis in Research in Nonverbal Communications Journal of Nonverbal Behavior, 5(2) : 92-103

Rosenthal, R. & Rosnow, R.L. (1984). Essentials of Behavioral Research Methods and Data Analysis New York . McGraw-Hill

Ruesch, J. & Bateson, G. (1968). Communication: The Social Matrix of Psychiatry. New York : Norton.

Rule, W. (1983). Family Therapy and the Pie Metaphor Journal of Marital and Family Therapy, 9 :101-123.

Schlachet, P.J. (1986). The Concept of Group Space. International Journal of Group Therapy, 36(1) : 33-53.

Schnetler, J. (red.) (1989). Opnamemetodes en -praktyk. Pretoria: RGN.

Schramm, W. (1954). The Process and Effects of Mass Communication. Urbana : University of Illinois Press.

Scott, W.A. & Wertheimer, M. (1962). Introduction to Psychological Research. New York : John Wiley & Son Inc



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Sommer, R. (1988) The Personality of Vegetables Botanical Metaphors for Human Characteristics. Journal of Personality, 56(4) : 665-683.

Srivastva, S. & Barrett, F.J. (1988). The Transforming Nature of Metaphors in Group Development : A Study in Group Theory. Human Relations, 41(1) : 31-64

Suit, J.L. & Paradise, L.V. (1985). Effects of Metaphors and Cognitive Complexity on Perceiving Councelor Characteristics. Journal of Counceling Psychology, 32(1) : 23-28.

Trimboli, A. & Walker, M.B. (1987). Nonverbal Dominance in the Communication of Affect : A Myth ? Journal of Nonverbal Communication, 11(3) : 180-190.

Trout, L. & Rosenfeld, H.M. (1980). The Effect of Postural Lean and Body Congruence on the Judgement of Psychotherapeutic Rapport. Journal of Nonverbal Behavior, 4(3) : 176-190.

Tubbs, S.L. & Moss, S. (1974). Interpersonal Communication. New York : Random House.

Turbayne, C.M. (1970). The Myth of Metaphor. Columbia : University of South Carolina Press.

Von Raffler-Engel, W. (1980). Aspects of Nonverbal Communication. Bath : The Pitman Press.

Vosniadou, S. (1989). Context and the Development of Metaphor Comprehension. Metaphor and Simbolic Activity, 4(3) : 159-171.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vrugt, A (1990) Negative Attitudes, Nonverbal Behavior and Self-fulfilling Prophecy in Simulated Therapy Interviews Journal of Nonverbal Behavior, 14(2) 77-86.

Waggoner, J.E. (1990). Interaction Theories of Metaphor Psychological Perspectives Metaphor and Symbolic Activity, 5(2) 91-108

Wallbott, H.G. (1985). Hand Movement Quality A Neglected Aspect of Nonverbal Behavior in Clinical Judgement and Person Perception. Journal of Clinical Psychology, 41 345-359

Waxer, P.H. (1974). Nonverbal Cues for Depression. Journal of Abnormal Psychology, 83 : 319-322.

Waxer, P.H. (1977). Nonverbal Cues for Anxiety . An Examination of Emotional Leakage. Journal of Abnormal Psychology, 86 : 306-314.

Waxer, P.H. (1978). Nonverbal Aspects of Psychotherapy. New York : Praeger Publishers.

Welch, M.J. (1984). Using Metaphor in Psychotherapy. Journal of Psychosocial Nursing, 22(11) : 13-18

Westcott, M.R. (1987). Minds, Machines, Models and Metaphors: A Commentary. The Journal of Mind and Behavior, 8(2) : 281-290.

Wheeler, C.J. (1987). The Magic of Metaphor : A Perspective on Reality Construction. Metaphor and Symbolic Activity, 2(4) : 223-237.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Witztum, E., Dasberg, H & Bleich, A (1986) Posttraumatic Stress Disorder. American Journal of Psychotherapy. XI(3) : 457-465



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BYLAE A

Vul asseblief hierdie vraelys in deur 'n kruis oor die nommer van u keuse te trek Dit is belangrik dat u 'n eerlike opinie gee Die vrae het betrekking op die vergelyking/storie van die
wat tydens die onderhoud deur die sielkundige vertel is

**A. Nadat die storie aan my vertel is, het ek meer op my gemak gevoel.**

1. Stem glad nie saam nie
2. Stem nie saam nie
3. Onseker
4. Stem saam
5. Stem beslis saam

**B. Ek het gevoel dat die sielkundige my verstaan.**

1. Stem glad nie saam nie
2. Stem nie saam nie
3. Onseker
4. Stem saam
5. Stem beslis saam

**C. Ek kon makliker gesels oor myself en my probleme.**

1. Stem glad nie saam nie
2. Stem nie saam nie
3. Onseker
4. Stem saam
5. Stem beslis saam

**D. Ek het myself beter verstaan en my probleme in 'n ander lig gesien.**

1. Stem glad nie saam nie
2. Stem nie saam nie
3. Onseker
4. Stem saam
5. Stem beslis saam

**E. Ek het positiewer gevoel jeens sielkundige behandeling.**

1. Stem glad nie saam nie
2. Stem nie saam nie
3. Onseker
4. Stem saam
5. Stem beslis saam

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**BYLAE B**

U moet die snit uit die videoband noukeurig bestudeer en 'n globale beoordeling doen ten opsigte van elk van die vyf nieverbale gedragstipes. Die beoordeling moet op 'n 5-puntskaal gedoen word. Trek 'n kruis oor die nommer van u keuse. U sal geen klank hoor nie.

A. **Liggaamsoriëntasie**

1. Leun weg
2. 
3. 
4. 
5. Leun nader

B. **Liggaamshouding**

1. Gespanne
2. 
3. 
4. 
5. Ontspanne

C. **Handbewegings**

1. Minimaal
2. 
3. 
4. 
5. Spontaan

D. **Armposisie**

1. Geslote
2. 
3. 
4. 
5. Oop

E. **Kopknikke**

1. Geen
2. 
3. 
4. 
5. Waarneembaar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019